# *Dit Is Ek*

Dankie, meneer.

2 Goeienaand, vriende. Julle kan maar sit. Ons ag hierdie beslis as 'n groot voorreg om hier te wees, vanaand, in die diens van Christus. Ons wil graag al julle gawe mense hier in Grande Prairie bedank vir hierdie lieflike tyd van gemeenskap, ons sal dit nooit vergeet nie. Vertrou dat as dit God se wil is dat ek weer een of ander tyd kan terugkom om by julle te wees, om miskien 'n bietjie langer te bly. Net soort van skielik wat ons broer die inligting gekry en hulle gereed gemaak het, sommer gou, vir ons koms. Hy het nie tyd gehad om dit te adverteer nie.

3 En ek was baie onbeskof om julle boeremense so laat in die nag wakker te hou, in die wete dat julle ploegseisoen en dinge nou op hande is. So ek is jammer dat ek julle opgehou het, maar ek hoop dat iets gesê of gedoen is wat deur die Ewigheid by julle sal bly.

4 Ek wil beslis die pastoor bedank, al hierdie goeie, medewerkende pastore hier wat ingekom het. Ek is so bly dat julle mense pastore soos hierdie het, wat herders oor die kudde van Christus is. Nou, met die vertroue dat die diens, die resultate lank sal bly by julle, dat julle nooit die besoek van ons Here sal vergeet nie.

5 Ek was jammer om so moeg en uitgeput na julle toe te kom, maar soos julle weet, was ek op my pad vir 'n tydjie van visvang en jag saam met 'n paar vriende bo by Dawson Creek. En ek was net ses maande op die veld sonder om te stop, so ek is regtig uitgeput. Die dienste het nie, was niks soos hulle moes wees nie, want die eerste visioen of twee, dan is ek net gedaan. En enigiemand weet dat daar in die gewone dienste partymaal dertig of veertig van hulle op 'n aand is. En so, dis—dis omdat ek so moeg was, nie as gevolg van julle geloof nie.

6 Nog 'n ding, ek dink as ons 'n instruksiediens gehad het om die mense te laat weet, baie van hulle, dis nuut vir hulle. Wanneer die Heilige Gees. . .Wanneer julle bid, bid julle en onthou dat God gereed is om julle gebed net daar te beantwoord. En sodra dit spreek, staan julle op, dis, vinnig, dis, God wil hê julle moet baie vinnig beweeg, sien, en opstaan daarvoor.

7 Julle let op, baiekeer, sou ek die visioen oor iemand sien en dan sou ek praat en—en as hulle nie daarop reageer nie, Dit beweeg reguit oor na iemand anders toe, julle sien, en dan, Dis baie bedees, die Heilige Gees is. En Dit sal beweeg. . .Miskien sal daardie persoon wat daar sit met goeie geloof, en glo, dit sal hulle 'n bietjie help. Dit sal hulle nie genees nie, Dit genees hulle nie, maar dit—dit gee hulle vertroue om te weet dat hulle gebed

die Hoëpriester aangeraak het. En partymaal mis hulle—hulle dit so deur nie net te weet hoe om dit aan te gryp nie, dis iets nuuts.

8 En dis niks meer as wat julle pastoor, enigiemand anders wat vir julle bid nie, want in elk geval, is dit net die gebed van geloof wat die siekes red. Die pastoor het net soveel reg om vir julle te bid as enigiemand wat daar is. En as julle pastoor nie daar is nie, 'n goeie, godvresende persoon in die buurt, enigiemand, want: "Bely julle foute teenoor mekaar, en bid vir mekaar, dat. . . " die Skrif, glo ek, Jakobus die 5de hoofstuk.

9 En dit was wonderlik. Baiekeer wonder ek partymaal hoedat soveel dinge gebeur, maar dis net eenvoudige gebed. Ek kom en bid vir iemand, miskien sterwende, sarkoomkanker of iets, net opgevreet, 'n bietjie later in die pad af: "Onthou jy my, Broer Branham? Ek was die een wat *so-en-so* was," tienduisende van hulle, wêreldwyd.

10 So, julle sien, dis net eenvoudige geloof, dis niks, enigiets waarnatoe ons onsself opwerk nie, dis net iets wat ons glo soos 'n kind sou glo, net soos jy jou dogtertjie 'n nuwe rok Saterdag sou belowe, die seuntjie 'n oorpakbaadjie. Sien, hulle verwag dit. Net eenvoudige kinderlike geloof, dis al wat God wil hê ons moet wees, want ons is in elk geval net kinders.

En so is ons—ons bly om hierdie tyd van gemeenskap met julle te hê. Mag God julle ook seën.

11 So dankbaar om hierdie pragtige, nuwe kerkie te sien. Dit wys daar's 'n florerende gemeente wat sou onderneem om 'n kerk soos hierdie te bou in hierdie. . . hierdie stadjie hier, en sy groeiende bevolking. Ek vertrou dat God dit sal uitbrei sodat hulle die eiendomme langsaan sal moet koop en 'n groter gebou bou, en baie honderde mense wat gered word.

12 God seën die pastoor, en die diakens, en trustees, en al die ander medewerkers hier saam met ons. Ons is nie verdeeld nie, ons is een Liggaam. Ons glo dat daar een Christus is Wat ons almal gered het. En so is dit hoe ons staan.

13 En nou, miskien sal ek binnekort weer in die vreemde lande wees. En nou, hier in Amerika kan julle net uitgaan, preek, en miskien hande lê op die siekes, dis alles reg, jy kom weg daarmee. Maar nie wanneer jy op die slagveld is nie. Daarbuite trotseer jy—jy duiwels, ek—ek bedoel uitdagende duiwels, toordokters en, o, wat hulle noem: "heilige manne," en—en alles, wat nie bang is om uit te daag nie. Maar ek sê dit, met God as my Regter, ek het nog nooit een sien gebeur behalwe waaroor God getriomfeer het met 'n groot oorwinning, soos daardie, elke keer, elke keer nie.

14 Ons het literatuur, maar ek het nie daaraan gedink om dit te bring nie. As julle enige wil hê, of enigiets, skryf net vir ons in Indiana, Jeffersonville, Indiana, ons sal dit graag stuur. En as julle enige tyd 'n gebedslappie nodig het en dit in julle Bybel wil dra, wel, skryf net vir my, net, Jeffersonville, Indiana. Ons sal

dit stuur, geen koste nie. Geen koste verbonde aan niks nie, ons vra nie vir enigiets nie, alles is gratis. Jesus het gesê: "So vrylik as wat julle ontvang, gee vrylik." So ons . . . Geen koste verbonde aan enige- . . .

15 Ons het wel boeke, maar hulle is nie myne nie, hulle is boeke wat ander manne geskryf het oor die bediening. So ons moet hulle koop, en ons kry 'n veertig persent afslag op hulle. Dan moet ons hulle na die dienste toe vervoer, en ons sit hulle altyd in die dienste en—en kry iemand om hulle te verkoop. Ons gee 'n paar jong kêrels, wat saam met ons gaan, vyftig dollar per week om die boeke te verkoop aan die begin van die diens, aan die einde van die diens, ons sal hulle nie op Sondag verkoop nie. En dan het ons 'n beleid, maak nie saak wie dit is nie, as die persoon kom en 'n boek wil hê en nie die geld het nie, gee dit in elk geval vir hulle. Sien? En moet nooit 'n persoon weier nie, want dis nie om die boek te verkoop nie, dis altyd om die Boodskap uit te kry.

16 En enigiemand weet, julle broers wat boeke verkoop, daar's geen geld in die verkoop van boeke nie, tensy jy . . . niks . . . hulle sal nie eens vir hulleself betaal nie. Liefdesoffer is wat betaal vir die boeke, aan die mense wat . . .

17 Partymaal wanneer ek vertrek op 'n groot veldtog, sal hulle my 'n liefdesoffer gee. En wanneer ek dit doen, neem ek dit na my kerk toe, gee dit vir die kerk, en dit gaan na buitelandse sendings. Daaruit het hulle my genoeg geld gegee om van te lewe: 'n honderd dollar per week vir my familie, en—en huis, en motor, en onkoste, en telefoonoproepe, en dinge. Natuurlik, dit geld nie vir die ander telefoonoproepe nie, hulle loop honderde dollars per maand, vir telefoonoproepe. En ek het die tyd gesien wat telefoonoproepe, op langafstand alleen, gemiddeld $64 sou wees, langafstand, per uur. So julle kan julle voorstel wat dit is.

18 Dis net nie net een klein plekkie nie, dis die heelpad om die wêreld. Sien? En mense wat daarbinne lê en wag vir maande, honderde van hulle op die waglys nou, net vir 'n paar minute, kom van Afrika, Indië, Asië, oral om in te kom op daardie privaat onderhoude. Nou, dis waar jy voor God staan en wag totdat Hy spreek en sê net wat gedoen moet word. En nie een keer het Hy ons ooit gefaal nie. So ons is dankbaar daarvoor, dankbaar teenoor God.

19 Nou, ek gaan volgende op na Dawson Creek, en ons nooi julle daarheen. Broer Sothmann het gekom en my 'n paar oomblikke gelede kom haal, hy en my seun, terwyl ek in die kamer was om te bid vir die diens vanaand, en hy het gesê hulle gaan 'n ontbyt hê, glo ek, Saterdagoggend, dis goed. En ons sal bly wees as julle sou kom, die ontbyt bywoon, die diens bywoon. En bid dan vir my.

20 Ek wil julle hierdie een guns vra, voor ek na die Skrifte blaai. Julle weet wanneer die winde warm waai, en alles verkeerd

gaan, en toordokters aan elke kant, duiwelsmagte wat aan elke kant uitdaag, wonder of ek net op julle kan staatmaak, hieragter oorkant, in Grande Prairie, om 'n sekere tyd elke dag 'n gebedjie vir my te fluister. Sal julle dit doen? Sal julle my belowe om dit te doen? Ek dank julle. Dankie. Ek sal julle altyd onthou.

21 Elke keer wat ek deurkom, probeer ek stop en julle sien, as ek soontoe en terug gaan. En as ek julle nie weer sien voor ons die rivier oorsteek nie, sal ek julle aan die anderkant daar oorkant sien, waar. . .En onthou dan, dieselfde Evangelie waarvan ek vanaand leer, ek sal daar met dit in my hand staan. En sê: "Dit was waar." En ek is seker ons Here sal dit bevestig, dat dit waar is. Nie net sal Hy dit dan doen nie, maar Hy doen dit nou, dat, Hy doen dit nou, dit is waar.

22 Ek waardeer julle beslis en het julle lief met warm, Christelike liefde. En as ek enige tyd 'n guns vir julle kan doen, skakel my of skryf vir my, ek sal enigiets doen wat binne my vermoë lê om julle te help, die lewe 'n bietjie makliker te maak vir julle, en die rowwe plekke 'n bietjie gladder. Enige tyd wat ek vir julle kan bid, enigiets vir julle kan doen, laat my weet.

23 Sal ons ons hoof net 'n oomblik buig, terwyl ons praat met die Outeur van hierdie Woord.

24 Here, die God van die skepping van die hemele en aarde, Wat alle dinge gemaak het deur Christus ons Here, Wat Hom gestuur het om die versoening van ons sondes te wees, vir ons Sy Woord te gee, wat die Water van skeiding is, gewas deur die Water, deur die Woord van skeiding, dat deur geloof, deur te glo dat ons geskei is van ons sondes, uitgeroep, afgesonder, verordineer tot die Evangelie van die Here Jesus, die "goeie nuus," gaan al die pad van die preekstoel af Here, aan die huisvroutjie wat kon getuig en vertel van die goedheid van ons salige Verlosser, ons buig net nederig ons hoofde in vernedering, Here, en dank U, om te weet dat ons eenmaal vervreemd was van God, sonder hoop, sonder Christus, sonder God, en terwyl ons nog sondaars was, het Christus in ons plek gesterf om ons terug te versoen met die groot familie van God. So ons sal. . .kon nie in staat wees nie Here, deur menslike spraak, om altyd die aanbidding van ons harte uit te druk vir U goedheid en genade teenoor ons nie. Maar, Vader, op ons eenvoudige, nederige, kinderlike manier, ontvang ons danksegging, Here God.

25 Nou, ek bid, Vader, eers vir U predikers hier by. . .my broers. O God, ek is so bly om gemeenskap met hulle te hê. Dit het eenkeer in die Bybel gesê dat "Hoe soet is dit vir broers om in eenheid saam te woon! Dis soos die salwings-olie wat op Aäron se baard was, wat afgeloop het na die soom van sy kleed." Hoe ons U dank daarvoor, Here, vir broers van dieselfde kosbare geloof, wat in God glo. Ons dank U vir hulle kerke. En ek bid, God, dat U hulle pogings sal seën, waar hulle ook al is, en mag die gemeentes groei, en die genade van God met hulle wees, Here. Mag tekens

en wonders hulle bediening vergesel, Here, wat hierdie volk sal skud met die krag van God. Skenk dit, Here.

26 Stuur vir ons manne uit hierdie wildernis soos Johannes die Doper, wat sterk uitgekom en uitbasuin het, daardie profeet, wat gepraat het van 'n Messias wat sou kom met "Sy skop in Sy hand, wat Sy vloere deeglik sou skoonmaak, en die kaf met onuitblusbare Vuur sou verbrand."

27 Nou, Vader God, seën hierdie gehoor, vanaand. Hier sit moeders met hulle babatjies, sien pappas en moeders wat bymekaar sit, en siek mense, en behoeftiges. Ek bid God, dat die Engel van genade hier sal oortrek, vanaand.

28 Mag daar nie 'n siek persoon in ons midde wees, wanneer hierdie diens afgesluit is nie. Mag ons na ons huise gaan, vanaand, verheug, en sê: "Was ons harte nie brandende in ons, soos Hy met ons gepraat het langs die pad nie?" Skenk dit, Here, want ons weet U bly dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid.

29 Seën hierdie mense, Vader, en as dit gebeur dat sommige van ons oor die rivier gaan voor ons mekaar weer sien, God, gee dat ons almal weer iewers aan die oorkant sal ontmoet, in die groot anderkant, en ons daar gemeenskap sal hou vir altyd.

30 Hoe graag sal ek wil huis toe gaan saam met elkeen van hierdie mans en vroue, hulle huise besoek! Sou 'n seën wees vir my, Here, om te gaan sit en 'n Skrif te lees, langs hulle tafel te kniel, en te bid. Hoe wonderlik sou dit wees! Maar, Vader, die dag is amper verby, die son gaan onder, Ewigheid kom in. O, ons moet veg so lank as wat ons kan. God, as ek dit nooit in hierdie wêreld kan doen nie, mag ek in staat wees om dit te doen in die wêreld wat sal kom.

31 Gee ons van U genade. Mag die Heilige Gees met ons praat, vanaand, deur die geskrewe Woord, ons monde sluit vir enigiets wat verkeerd sou wees, en ons harte wyd oopmaak om Dit te ontvang. Mag die Saad val in goeie grond wat honderdvoudig sal voortbring, tot die eer van God. Ons vra dit, in die Naam van Sy geliefde Kind, Here Jesus Christus, ons Verlosser. Amen.

32 Ek wil verwys na net 'n—'n Skrif, vanaand. En ek was so jammer ek het julle laat gehou gisteraand. Ek het gepraat en julle. . . Ek praat net te veel. So ek. . . ['n Broer sê: "Ons was bly daaroor."—Red.] Dankie, meneer. Dis baie mooi, jy, baie genade, Broer, ek—ek dank jou daarvoor, dis baie gaaf, laat my goed voel, weet dat jy 'n poging aanwend en dit word waardeer, jy weet wat ek bedoel.

33 Nou, wat is my doel hier? Om julle te probeer help, probeer om die lewe vir julle 'n bietjie gladder te maak. En wat sou dit my help om hiernatoe te kom as 'n bedrieër of 'n skynheilige? Ek word nie betaal om te kom nie; ek vra nie geld nie. Ek het nie. . . Dis nie gewildheid nie, ek vermy dit. Sien?

34 So 'n man wat probeer gewild wees, kan nie reg wees met God nie. So dis nie dit nie, dis omdat ek julle liefhet in my hart. Ek is moeg en uitgeput, ek maak gereed om 'n bietjie te gaan rus vir 'n week of twee, voor ek weer in die dienste ingaan. Maar my liefde was dat ek net nie by julle kon verbygaan sonder om hier te stop, om te sê: "Hoe gaan dit?" en 'n klein byeenkomsie te hou, en 'n klein tydjie met julle te assosieer, nie.

35 So onthou, wat ek vir julle sê is dit, dat julle Here en my Here nie dood is nie, Hy het opgestaan uit die dood, en Hy's met ons. Hy. . . Ons is Sy kinders.

36 Nou, met genesing as julle net die geloof sal hê en sê: "Nou, as Hy hier is, dan is Sy gesindheid teenoor een Sy gesindheid teenoor almal."

37 Nou, miskien sal iemand net 'n bietjie hoë geloof hê, wat sal, kan uitstrek bo joune en Hom aanraak, en 'n—'n visioen oor hulle afbring. Dit beteken nie dat daardie persoon die enigste een is wat genees kan word nie. Nee. Jy het. . . God se gesindheid net dieselfde teenoor jou.

38 Maar jy kan dit net nie verduur nie, dit verskeur jou net. Hoeveel verstaan dit? Steek net julle hand op. Jesus het gesê (Verskoon my.), Jesus het gesê, toe een vrou Sy kleed aangeraak het, het Hy gesê: "Ek voel dat Ek swak geword het, daar krag van My uitgegaan het."

39 So julle kan besef, luister my broer, suster, mag ons laaste ontmoeting wees, niemand, daar is niemand in hierdie wêreld wat ooit sal weet waardeur ek gegaan het nie, dis reg, jy kan dit nie verduidelik nie, jy kan God nie verduidelik nie. En julle sit in die diens, nie hierbinne nie, maar baiekeer praat jy 'n paar minute om uit te vind, *hier* is kritici *hier* oorkant, *hier* is 'n twyfelaar, *hier* is een bygelowig, *hier* is een, 'n—'n *duiwelbesetene* wat daar sit, en dit alles, jy voel dit teen jou kom soos 'n asem.

40 En dan het jy, sien, is daar 'n goddelike gelowige wat *daar* sit en God probeer vind, *hier* is nog een wat wonder en twyfel, *hier* is 'n babatjie, op sterwe, *hier* is een wat skeel is, *hier* is 'n pappa wat hier sit met kanker. God wat doen. . . En dan dit alles by die duisende, wat jou op een slag ontmoet. Julle besef nie hoe dit jou verskeur nie. Sien?

41 En daar, en dink net, Satan wag vir een klein, skewe woordjie, iewers. Dis al. Sien? En in die wete dat jy menslik is, moet jy heeltemal staatmaak op Jesus Christus, net jou lewe heeltemal aan Hom oorgee.

42 Nou, in die Skrifte van Matthéüs, die 14de hoofstuk, en die 27ste vers, lees ons hierdie:

> *Maar Jesus het dadelik met hulle gespreek en gesê, Hou* 'n *goeie moed; dit is Ek; wees nie bevrees nie.*

43 Ek wil dit vir ’n teks neem: *Dit Is Ek*. *Dit Is Ek*, drie woorde.

44 En nou, wil ek hê ons, vanaand, sodat ons kan gou maak, moet ’n getuienisdiens bywoon. Hou julle van getuienisse? Ons almal hou daarvan. En sou julle nie graag in die dae van die apostels wou gelewe het, en iewers gaan sit het op ’n stomp buite langs die meer, en daardie apostels hoor getuig het nie? Hoeveel sou dit graag wou gehoor het? Hulle net saam gehoor het, hulle wat saam met Jesus gewandel het!

45 En sekerlik as hulle saam met Hom gewandel het en Hom geken het, sou hulle weet hoe om van Hom te getuig. Glo julle dit nie? Sekerlik. Hulle sou weet hoe. Sy lewe, hulle het net geweet wat Hy was. En onthou, hulle was nou nie Engele nie, hulle was manne wat hulle voor en teenspoed gehad het, net soos ons het.

46 Baiekeer dink mense wanneer ’n bediening bonatuurlik word, dink hulle daardie persoon behoort kleed-klere te dra, en—en: “Moenie aan my raak nie,” en julle weet. Wanneer ’n persoon so optree, probeer hulle iets wees wat hulle nie is nie. God gebruik mense, net gewone mense.

47 Wanneer jy ’n persoon soos daardie sien, is dit ’n windlawaai vir my, sien, iemand wat iets probeer wees wat hulle—hulle nie is nie: “Heiliger as wat jy is, onaantasbaar. Ek. . . ” Dit, o, God kan dit nie gebruik nie, julle weet dit.

48 So ons is. . . God. . . Ek sal hierdie een ding sê: Van die beste ou harte wie se hand ek ooit geskud het, onder, het onder ’n ou blou-gelapte hemp geklop, dis reg, regte paar staalgrys oë, wat jou in die gesig kyk en sê: “Prediker, ek glo dit.” Broer, jy kan daarop staatmaak, dit vertrou. Eelte van ploeghandvatsels of iets, dis reg. Jy hoef nie ’n tuxedo-baadjie aan te hê, jou kraag omgedraai hê, om ’n Christus-vresende Christen te wees nie, nee. Dis nie wat jy dra nie, dis wat jy aan die binnekant is, wat jou maak; nie hoe slim jy is nie, maar *hoeveel* jy aan die binnekant is. Vir ons is daar nie enige van ons wat goed is nie, as daar enige goedheid in ons is: “Daar is net Een goed en dis God,” het Christus gesê.

49 Maar ek wil graag na ’n getuienisdiens toe gaan, en net gaan sit en vir my ’n sitplek kry en die apostels hoor getuig. O, ek het altyd gedink ek sou dit graag wou doen. Nou, ek het altyd gedink ek sou Jesus graag wou hoor toe Hy gesê, Sy liefdevolle arms uitgestrek het en gesê het: “Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee.”

50 O, julle weet hulle het so, sê hulle, as ’n stem ooit gespreek het, julle weet dit beter as ek, ’n stem, dit sterf nooit, dit bly lewe, soos radium, gaan aan, en aan, en aan, soos ’n klippie wat in die water val, die klein brandertjies gaan aan en aan vir myle, vibrasies totdat jy hulle nie met jou natuurlike oog kan sien nie, maar hulle gaan aan en aan en aan. En jou lug, wanneer jy praat,

dis waar jy op elektronika kom en die—die radio daardie luggolf, dit bly voortgaan, dit sterf nooit.

51 Ek sou graag, gedink, ek sou graag wou lewe tot die wetenskap miskien daardie Stem van Hom kon opvang. Hulle beweer dat eendag, as hulle bly voortgaan, sal hulle in staat wees om dit te doen, Sy letterlike Stem op te vang, toe Hy gesê het: "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, Ek sal julle rus gee."

52 Wel, ek mag nie lewe tot daardie dag nie, om die waarheid te sê, ek dink nie die wêreld sal so lank staan nie, ons is so naby aan die eindtyd. Maar ek wil graag by julle wees om vir julle 'n rukkie te preek oor daardie dinge. Maar ek het probeer om ons boodskappies net eenvoudig te maak in 'n drama, want ek is moeg, en dan sou julle dit beter verstaan.

53 Maar, ek mag nie lewe om dit te hoor nie, maar daar is een ding wat ek wel wil hoor en ek glo ek sal dit hoor, "Dit was welgedaan, My goeie en getroue dienskneg, gaan in die vreugdes van die Here in." Dis wat ek verwag om eendag te hoor, ek is seker Hy sal my nie teleurstel nie.

54 En as ek . . . As Hy my wel wegwys aan die einde van die pad, sal ek Hom steeds liefhê. As Hy my hel toe stuur, en ek kan steeds liefhê in die hel, sal ek Hom in elk geval liefhê. Sien? Want ek het verdien om weggewys te word aan die begin, sien. En as ek tienduisend lewens gehad het om te lewe, en daar's niks na die einde van hulle nie, as daar was—as daar geen God was nie, geen Christus nie, sou ek steeds hierdie Christelike lewenswandel kies, in elk geval. Om mans en vroue te hê waarmee ek kan assosieer, dit maak die lewe so anders, sien, as jy net 'n Christen is.

55 Nou, laat ons inloer by hierdie getuienisdiens en luister na die apostels wat getuig.

56 Dit moes omtrent sononder gewees het, omtrent hierdie tyd in die—in die aand, toe die groot, gespierde-rug visserman die boot van die oewer af begin wegstoot het. En ek kan hom net sien soos hy die skippie neem, en sy groot, gespierde rug, wat stoot, die boot stoot, en soos dit van die oewer wegkom, dit in die water afkry, in die blou Galiléa in, en dan klim hy op oor die sitplekke en neem sy posisie in langs sy broer, Andréas. En die roeispane het begin insak in die water, en hulle sou insteek, en dan "Totsiens," waai vir dié op die oewer, want hulle het 'n groot diens gehad daardie middag, en—en hy . . . hulle het vertrek, en die mense het hulle liefgehad.

57 Daar's iets omtrent die liefde van God in ons harte, dat dit ons net doodmaak om van mekaar te skei. 'n Ware Christengroep wanneer hulle bymekaar kom, wanneer hulle mekaar by die kerk moet verlaat, ek—ek het hulle net gesien staan en mekaar omhels en huil. Sien? Ek dink aan Paulus wat neerkniel op die oewer en

bid, sê: "Ek—ek—weet julle sal nie meer my gesig sien nie." En hoe dit is om van mekaar te skei!

Ons het altyd 'n lied gesing onder in die ou Baptiste kerk, in die suide:

Geseënd is die band wat bind
Ons harte in Christenliefde;
Die gemeenskap van geesgenote,
Is soos dié van Bo.

Wanneer ons uitmekaar gaan,
Gee dit ons innerlike pyn;
Maar ons sal steeds verbind wees in die hart,
En hoop om weer te ontmoet.

58 Dit moes so gevoel het terwyl die bootjie uitbeweeg het in die—in die waters in. En hulle het, totsiens gewaai, en almal gesê: "Kom terug. Bly weer by ons, broers." Die manne op die oewer gesien, en wat die trane uit hulle oë gevee het, en vir hulle waai, "Kom terug en bly weer by ons," soos die bootjie verder wegbeweeg het in die waters in.

59 En naderhand het dit uit die sig verdwyn. Hulle kon nie meer sien nie, die donker was besig om neer te daal. En hulle sou, het geroei . . . In daardie dae het hulle met roeispaan geroei, twee manne op een sitplek. En hulle sou hierdie roeispane neem en tyd hou soos hulle die bootjies geroei het. En dan as die wind gewaai het, hys hulle 'n seiltjie, en—en help hulle aan.

60 En hulle het oor die Galiléa gegaan. En nadat dit geword het . . . vir 'n klein rusperiode, sal ons glo dat dit jong Johannes moes gewees het, hy was die jongste onder hulle en—en nogal 'n entoesiastiese aposteltjie. En so toe hulle hulle roeispane uit die water getrek het, en iemand moes gesê het: "Broers, laat ons 'n —'n blaaskansie neem en rus vir 'n paar minute, en laat ons 'n getuienisdiensie hou." En dis die een waarop ons wil inloer.

61 Jong Johannes moes gesê het: "Wel, vandag was die dag wat dit vir altyd vir my bevestig het. Ek was 'n gelowige vandat ek 'n baba was. Ek kan onthou hoe my dierbare ou moeder die Bybelstories vir my gelees het, en hoe sy my vertel het dat toe ons mense oorgekom het uit die lande van Egipte, na hierdie land toe gebring is wat ons deur God geërf het. Sy het altyd vir my stories vertel van hoe groot Jehova was, en hoe Hy vir Sy mense omgegee het.

62 "En hoe ek altyd gelê en opkyk het in haar mooi gesig, en sy vir my sou sê: 'Johannes, ver bo die sterre daar bo, is daar 'n groot God wat Sy mense liefhet. Moet dit nie vergeet nie, my seun.' En toe het sy vir my gesê dat toe God, Jehova, Sy kinders uit Egipte uitgeroep het, dat Hy voorsien vir hulle wat 'n stap neem om in Sy gebooie te wandel, en hulle het Jehova uit Egipte gevolg, en hulle het uitgegaan in die woestyn en hulle het nie meer brood gehad nie, hulle het geen brood gehad om te eet nie, en Jehova het brood

uit die hemele laat neerdaal en dit op die grond neergesit. En die volgende oggend was die enigste ding wat hulle moes doen, was om dit te gaan optel en die brood te eet.

63 "En ek het altyd vir my mamma gesê," mag hy gesê het: "'Mamma, miskien, het God 'n *groot* klomp oonde daarbo in die Hemel, en 'n hele klomp Engele wat oortyd werk, en hulle sou al hierdie brood bak, en dan sou die Engele groot mandjies kry, en afhardloop, en dit oral rondom die kamp neersit.'

64 "Sy het gesê: 'Nee, Seun. Jy's te jonk om te verstaan, maar jy sien, Seun, Jehova is 'n Skepper, Hy het net daardie brood geskep. Hy hoef nie oonde te hê om dit te bak nie, Hy het net daardie brood geskep en dit het op die grond geval.'"

65 En, o, Johannes mag gesê het: "Dit het altyd in my hart gebly, hoe dit kon, Jehova brood kon skep en dit klaar gaar op die aarde kon afstuur. Broers, ek wil my belydenis maak in hierdie getuienis, vanaand, hier op hierdie boot, dat ek weet dat ons nie een of ander valse profeet volg nie, ons nie een of ander bedrieër volg nie. Want toe ek Hom gesien het, vandag, daardie brode, vyf broodjies en twee vissies neem, en daardie brood breek en vyfduisend mense voed, het ek geweet dit was God.

66 "Dit het dit vir my afgehandel, want Hy het die werke van God gedoen. Onthou julle, broers, Hy het eenmaal tevore vir ons gesê: 'As Ek nie die werke van My Vader doen nie, moet My dan nie glo nie'? Maar wat het Hy gedoen, broers?"

67 Ek wil hierdie gemeente vra: "Watter—watter soort atoom het Hy losgelaat?" Het daardie klein koekies geneem en vyf van hulle gebreek en vyfduisend mense gevoed, nie koring gekweek nie en. . .Hy doen dit alles om. . .sekerlik. Maar Hy het al die roetines van die natuur omseil, nie net het Hy koring daar gekweek nie, Hy het brood gekweek, nie net brood nie, maar *gebakte* brood, alreeds voorberei en gereed om te eet. Dis ons God.

68 Vissies, Hy het tog elke vis in die water geplaas, maar Hy het hierdie vissies geneem en hulle gebreek, nie net nog 'n vis uit die water opgerig nie, maar 'n vis gebreek en teruggegaan en geneem, 'n ander stuk het aangegroei terwyl Hy daardie een afgebreek het, 'n *gebraaide* vis, alreeds gesout, gerol in mieliemeel, en gebraai, gereed om te eet. Hoe het Hy dit gedoen? Watter soort atoom sou die wetenskap vandag sê dat Hy daar losgelaat het?

69 En ek kan Johannes hoor sê: "Broers, dit het my so verstom dat ek—ek opgeklim het agter die rots, en gekyk, en gesien het waar Hy was, ek kon vind waar Hy dit vandaan gekry het, maar Hy het net die brood geneem, en dit uitgehou, en 'n stuk afgebreek, en dit op Andréas se mandjie neergesit, en uitgereik, en daar was nog 'n stuk gereed toe Hy Sy hand daarvoor uitgesteek het. So dit bewys dit vir my dat Hy God is, Hy is Jehova.

70 "Net Jehova van die Ou Testament kon brood skep, en hier, om honger mense te voed, en hier dat Jehova gemanifesteer word. En ek weet dat Dit die Seun van God is, kon net wees. Hy is iewers met God geassosieer, omdat Hy dieselfde dinge gedoen het wat God gedoen het."

71 Dit moes Simon Petrus gewees het, omtrent daardie tyd, wat gesê het: "Dis 'n goeie getuienis, Johannes. Mag ek nou my getuienis gee? Julle weet, broers, dat ek 'n visserman was. My vader, voor my, was 'n visserman. My vader was 'n godvresende, ou Fariseër. En julle onthou hy het lank in die kerk spandeer, en ons het visgevang op die rivier, hier op die meer.

72 "En my ma, en hoe ek haar en Pa vir my en Andrew sou sien neem, in die oggend, toe ons die vis gaan haal het, en neerkniel langs die tafel, en hoe ek Pa sou sien opkyk en sê: 'Jehova, ek het vandag vis nodig vir die mark om my kindertjies te voed, sal U my help om 'n goeie vangs te vang vandag?'

73 "Hoedat wanneer ons die vis sou vang en na die oewer toe kom, hoedat Andréas, en ek, en Pa, sou neerkniel langs die boot en God dank vir die visse voor ons hulle na die mark toe geneem het." O, ons het meer vaders en moeders soos daardie nodig: "Leer 'n kind die weg wat hy moet volg."

74 "Eendag onthou ek," hy mag so gesê het: "dat ons 'n groot vangs gehad het daardie dag, o, 'n reuse vangs. En ons het ons bootjie na die oewer toe getrek, en ek het aan wal gespring en die boot vasgemaak, en het gehelp, om die vis buite in die mandjies in te laai.

75 "En nadat ons gebid het, kan ek my pa die grys hare van sy gesig sien wegvee, sy arm om my sit, en my bo-op die boot tel, gesê: 'Simon, my seuntjie, ek het jou grootgemaak om God te dien, na die beste van my vermoë.' En hy het gesê: 'Simon, ek, soos alle ware gelowiges, het uitgesien na die dag wanneer die Messias sou kom. Ek het gedink ek sou Hom in my dag sien, maar, Simon, ek word nou oud, en my dae is getel, my treë word korter, ek, miskien, sal Hom nie sien nie. Maar, Simon, my seun, jy is jonger, so miskien sal jy die Messias sien waarna ons gesoek het, vir al hierdie jare, die Hoop van Israel.

76 "'Simon, voor Hy kom, sal daar baie dinge wees wat sal opstaan deur die eeu en sê hulle is Messiasse en al hierdie dinge. En wanneer, teen die tyd, Sy koms, sal daar allerhande dinge opstaan. Maar, Simon, die kerke het baie vervoerings gehad, en, maar ek wil vir jou sê, my seun, jy moet onthou om te glo wat Moses gesê het, ons profete, dat wanneer hierdie Messias kom, Moses vir ons gesê het, dat die Here ons God 'n Profeet soos Moses sou oprig, en Hy die Een sou wees waarnatoe ons moes gaan.

77 "'En Simon, wat jy ook al doen, onthou altyd, maak nie saak hoe enigiets lyk nie, onthou, die Messias sal 'n Profeet wees, want dis volgens die Skrifte. Moenie meegevoer word, Simon, deur

dwaashede en vreemde doktrines nie, maar bly by die Skrif, my seun. Want Moses, ons leier, wat ons weet God Moses gestuur het, en Moses het gesê: "Die Messias sal 'n Profeet wees." En die teken van die Messias nou, ons het nie 'n profeet gehad vir honderde jare nie, maar eendag sal daar Een op die toneel verskyn wat 'n Profeet sal wees, en Dit sal die Messias wees, want ons wag vir daardie dag.'"

78 En hy mag gesê het: "En, broers," sy arms om Andréas gesit, en gesê het: "Andréas, onthou jy toe jy gegaan het om Johannes te hoor preek, praat het van 'n Messias? Wel, ek het gedink dit was een van hierdie foute wat hulle almal het, daar's *dit* en *dat*, en ek het nooit veel aandag aan jou gegee nie, Andréas.

79 "Maar eendag toe jy my uiteindelik oorreed het om hierdie Kêrel te gaan sien wat was, voorgestel is as die Messias, en toe ek gegaan het om Hom te sien, broers, toe ek opgestap het in die teenwoordigheid van hierdie Man, en Andréas wat opgaan teen die heuwel, gesê het: 'Dis Hy. Sien jy die Een?'

"'Wel, Hy lyk glad nie anders as enige ander man nie,' het ek vir Andréas gesê.

80 "Maar hy het gesê: 'Net 'n oomblik, laat ons deur die skares beweeg. Hy maak gereed om net binne 'n oomblik te praat, en almal sal asemloos wees terwyl Hy praat.' En ons het deur die skare beweeg. En Andréas was. . .het Johannes Hom sien voorstel. En so toe het ek naderbeweeg, en ek het gedink: 'Ek—ek gaan sien, mooi na Hom kyk, en ek gaan hoor Wat Hy sê, kyk of Hy by die Skrifte bly.'

81 "So ek het naderbeweeg daardie dag. Toe Hy gereed gemaak het om te praat, en ek het gedink: 'Nou, ek sal net sien waarvan Andréas gepraat het,' en toe Hy, voor Hy Sy mond oopgemaak het om enigiets te sê, Sy oë gevestig het op my, en Hy het na my gekyk en gesê: 'Jou naam is Simon, en jy is die seun van Jona.' O, broers, dit—dit het dit vir my beklink.

82 "Nie net het Hy geweet wie ek was nie, Hy het daardie godvresende, ou pappa van my geken wat my gewaarsku het en vir my gesê het wat die Messias sou wees. Daarom, het ek geweet dat Dit God se Profeet was, die Messias wat opgerig is. Dit het die getuienis vir my afgehandel."

83 Moes Filippus gewees het omtrent daardie tyd, wat opgestaan en gesê het: "Nou, Broer Natánael, ek gaan dit nou van ons vertel, in die getuienisdiens, hier buite op die oseaan." Sou julle nie daarvan gehou het om te gestaan het, daarna te luister, op die rand van die boot te gesit het, na hulle te geluister het nie?

84 En Filippus mag gesê het: "Wel, ek het daar gestaan, Simon, toe ek Hom dit sien doen het, of, Hom gehoor het. En ek het die uitdrukking op jou gesig gesien, jy het net reg voor Sy voete neergeval. En ek het gedink: 'Sekerlik dat daardie groot, stewige

man, Simon, net sy skouers sou laat sak het.' En Hy het vir jou gesê jou naam sou hierna 'Klein Rotsie' wees.

85 "En ek het geweet dit sou 'n goeie gepaste naam vir jou wees, want jy was standvastig. As jy enigiets geglo het, het jy dit geglo. En toe het ek gedink: 'Hoe sou Hy dit ooit geweet het?' So, ek sou die Skrifte ook lees. So, ek het my goeie vriend geken wat hierbo in die agterkant van die boot sit, wat Natánael is, so ek het om die berg gegaan om hom te kry.

86 "En ek het hom onder 'n boom gevind besig om te bid. En toe hy sy gebed voltooi en opgestaan het, het ek gesê: 'Kom, kyk Wie ons gevind het, Jesus, die Seun van Josef, Dis die Messias.'

"'O nou,' het hy gesê: 'kan daar enigiets goeds uit Násaret kom?'

"En ek het vir hom gesê: 'Kom, kyk.'

87 "En julle onthou ons gesprek langs die pad. En sodra ek Natánael in die Teenwoordigheid van ons Here ingebring het, het Hy gesê: 'Aanskou waarlik 'n Israeliet, in wie daar geen bedrog is nie!' En ek sal julle sê, ek gaan my getuienis nou stop. Nou, Natánael, maak jy dit klaar."

88 "Wel," het Natánael gesê: "ek. . . Al my twyfel was weggeneem. Maar ek was verstom toe ek die Man gesien het, die eerste keer wat ek Hom ooit gesien het, dat Hy vir my gesê het dat ek 'n Israeliet was, en geen bedrog nie. Hoe sou die Man my ooit ken, wanneer ek Hom nog nooit gesien het, voor ek na Sy diens toe gekom het nie? En ek het gedink ek sou bevraagteken, en ek was so opgewonde om te dink, 'Kan die nuus waar wees, of—of het ek net 'n droom gedroom?

89 "So ek het gesê: 'Rabbi,'" of Eerwaarde, Leraar, wat jy dit ook al wil noem: "'wanneer het U my ooit geken? Wel, U het my nog nooit in U lewe gesien nie. En hoe sou U weet dat ek 'n eerlike, regverdige man was, geen bedrog nie?'

"Hy het gesê: 'Wel, voordat Filippus jou geroep het, het Ek jou gesien, toe jy onder die boom was.'

90 "Broers, ek het toe geweet *Dit* was die Profeet waarna ons al hierdie jare gesoek het. En ek het Hom in die openbaar bely voor my priester en al die res van hulle, in die wete dat ek geëkskommunikeer sou word uit die kerk om so-iets te sê, of 'n standpunt in te neem. Maar dit het geen verskil vir my gemaak nie, ek het geweet die Skrif het gesê dis die soort Man wat Dit sou wees.

91 "So ek het gebly by wat die Skrif gesê het, want Moses, ons is geleer om Moses en die profete te glo, en hulle het gesê dat hierdie Messias 'n Profeet sou wees, en ons het niks Daarvan gesien vir honderde jare nie, en hier was Dit reg by ons, en ek—ek weet die Man het my nie geken nie, so dit het dit vir my afgehandel."

92 En omtrent daardie tyd moes Andréas opgestaan en gesê het: "Broers, ek wil graag nog iets sê. Onthou julle die dag wat Hy gesê het Hy sou afgaan na Jérigo?"

"Ja."

93 "En Hy het behoefte gehad, om deur Samaria te gaan. En ons het almal gewonder: 'Waarom gaan Hy op rondom Samaria, in plaas van af te gaan na Jérigo?' Maar Hy het behoefte gehad om na die Samaritane toe te gaan. En julle weet ons het glad nie enigiets te doen gehad met hulle nie.

94 "Maar Hy het gestop, en ons het gedink miskien wou Hy nie Sy gesig in Samaria wys nie, so Hy het by die put gesit, en Hy het ons ingestuur om 'n bietjie kos te kry. En toe ons terugkom, onthou julle wat ons gesien het? Ons was verleë, ons Here het gepraat met 'n vrou van slegte reputasie, 'n pragtige jong vrou, maar sy was 'n slegte vrou. Sy het daarbuite gestaan met die merk van 'n slegte vrou, wat na die put gekom het op daardie tyd van die dag, en Hy het met haar gepraat. Onthou julle wat Hy gesê het?

95 "Hy het gesê, ons het agter die bos weggekruip om te luister en te sien wat Hy gesê het, te sien wat ons Here vir hierdie berugte vrou sou sê," en gesê: "Hy het gesê: 'Vrou, bring vir My water om te drink.'

"Sy het gesê: 'Dis nie gebruiklik vir julle Jode om vir ons Samaritane sulke goed te vra nie, ons het niks met mekaar te doen nie.'

"Hy het gesê: 'Maar as jy geweet het met Wie jy praat, sou jy vir My water gevra het om te drink.'

"En sy het gesê: 'U het niks om mee te skep nie.'

"En ons Here het gesê: 'Gaan, kry jou man, en kom hiernatoe.'

"Sy het gesê: 'Ek het nie 'n man nie.'

96 "Onthou julle, broers, hoe ons gevoel het? 'Uh-oh. Nou het Hy 'n glips gehad, het Hy 'n fout gemaak. "Ek het nie 'n man nie."' Toe het ons Sy Woorde gehoor, 'Jy het reg gesê, want jy het vyf mans gehad, en die een met wie jy nou saamlewe, is nie jou man nie.' En onthou julle toe daardie Samaritaanse vrou, van die stad Sigar daar, wat sy gesê het?

97 "'Meneer, ek sien dat U 'n profeet is. Nou, ons Samaritane weet dat daar die Gesalfde Een kom, genaamd die Christus, die Messias. En wanneer . . . Ons weet wat Sy teken sal wees, dit sal Sy teken wees, Hy sal 'n Profeet wees. Wanneer Hy kom, sal Hy ons hierdie dinge wys. Maar Wie is U? U moet een van Sy diensknegte wees.'

"Hy het gesê: 'Ek is Hy.'

98 "O, hoe ons die uitdrukking op daardie vrou se gesig gesien het, toe sy haar wateremmer neergesit en in die stad

ingehardloop en begin skree het, ‘Kom kyk ’n Man wat vir my al die dinge van my lewe vertel het.’”

99 Nou, Hy het haar nooit al die dinge vertel nie, Hy het net, sy was net *so* bly, Hy het haar net die een ding gesê, maar as Hy daardie een dinge geweet het, het Hy alle dinge geweet. Sien? “Kom, kyk ’n Man Wat vir my die dinge vertel het wat in my lewe is. Is dit nie die einste teken van die Messias nie? En Hy sit net *daar* buite op die put.”

En hulle het die manne uitgebring. En die Bybel sê dat die hele stad in Jesus geglo het omdat Hy daardie ding vir daardie vrou gesê het.

100 Moes Matthéüs die skrywer gewees het, wat hierdie getuienis neergeskryf het, sodat ek dit vir julle kon lees vanaand, sien, hy het gesê: “Kan ek volgende praat, broers?”

“O, ja, Matthéüs, gaan jy voort, praat.”

101 “Onthou julle die oggend toe ons in Jérigo ingegaan het? En Rebekka, ons suster daar onder in Jérigo, sy was die vrou van Saggéüs. En hy was ’n sakeman, ’n tollenaar in die stad, en hy was ’n ryk man. En julle weet Rebekka het in ons Here geglo.

102 “En sy het gebid, en sy het gebid dat haar man ’n Christen sou word. Maar natuurlik, hy was een van die groot betalers in die kerk, en—en hy het gholf gespeel saam met die priesters,” julle weet, verstaan wat ek bedoel, “hy—hy het sy sosiale verhoudinge gehad, hulle het almal saam uitgegaan en—en hulle het hulle lekker tye saam gehad. So dit was moeilik vir hom om sy lidmaatskap te verlaat. En daarom, julle weet hulle. . .enigiemand wat ons Here volg, word nou sommer gou geëkskommunikeer uit die kerke, sien. Hulle het niks met hulle te doen nie.

“En so, en ons—ons is gevra deur ons suster, Rebekka, om te bid vir Saggéüs, haar man, dat hy ons Here sal ontvang.

103 “En julle onthou toe ons op die hoek gestaan en vir Saggéüs gesê het: ‘Saggéüs, jy is ’n Bybelleser, wat soek jy? Wat sê jy van Messias? Rebekka se getuienis is waar, Hy is die Profeet wat die Here ons God sou oprig in hierdie dae.’

104 “‘O, maar Rabbi Lavinski sê vir my dat Hy ’n valse profeet is, Hy’s ’n—Hy’s ’n Beëlsebub, Hy’s—Hy’s besete met ’n fortuinvertellergees. Ek sal dit nie glo nie,’ weggestap.

105 “En julle onthou Rebekka se getuienis daardie dag? Hoe sy—sy gesê het toe Saggéüs vroeg opgestaan het daardie oggend, en sy heelnag lank gebid het dat Saggéüs Jesus sou raakloop wanneer Hy in die stad inkom.”

106 Nou, vroue, dis die manier om jou man te wen vir God, dit verg bietjie bid, vashou. Heelnag het sy gebid. En die volgende oggend, het sy geweet dat Jesus daardie dag die stad sou besoek. So sy—sy, heelnag het sy gebid dat Saggéüs een of ander soort

wonderwerk sou sien wat Jesus sou verrig, wat haar man se hart sou verander. En julle weet, daar word vir ons geleer, vriende: Die gebed van geloof sal groot dinge doen. Alle dinge is moontlik vir hulle wat glo.

107 En toe kon Matthéüs gesê het: "En broers, onthou julle daardie oggend toe ons Rebekka ontmoet het? Sy het gesê: 'Ek het heelnag gebid. En vanmôre omtrent teen daglig, wel, het Saggéüs vroeg opgestaan, sy beste kleed aangetrek en sy baard gekam, julle weet,' want hy was 'n belangrike man, 'so sy beste klere aangetrek, julle weet. En ek het gesê: "Waarheen gaan jy, Skat?"'

"'"O, net vir 'n oggendstappie." Dit was ongewoon julle weet, want hy het nie so vroeg opgestaan nie.'

108 "So Rebekka het op die vloer gekniel en gesê: 'Dank U, Here, ek weet U werk met hom,'" sien: "'want hy is so knorrig die laaste paar dae.'" Sien? Dis gewoonlik wanneer Hy op die pad is, sien. "'O, hy het my in die rede geval in alles, maar ek weet dat U hom op een of ander manier reg rondom sal lei na waar Jesus is.'

109 "Wel, nou onthou julle ons het 'n. . .En sy het by die huis gebly om te bid. So julle onthou wat Saggéüs ons vertel het na die storie? Hy het alles onder in sy hart gesê, hy het heelnag lank gedroom oor hoe hy God met hom sien werk het.

110 "En die volgende oggend toe hy opgestaan het, het hy uitgegaan en afgegaan na die hoek van die poort van die suidekant van die stad, waar Hy sou verskyn, en toe hy daar gekom het, teen daglig, was die Galileërs oral by die poorte versamel om vir Hom te wag.

111 "Wel, hy was 'n klein mannetjie, so, hy—hy was klein van gestalte, en hy het gesê: 'Ek is te klein om ooit in 'n groep soos daardie in te kom, ek sal Hom nooit sien nie. Maar ek gaan Hom 'n bietjie sê wanneer ek Hom sien. Ek sal vir Hom sê Hy's 'n valse profeet, Hy's geen siener nie.'

112 "So hy het toevallig gedink: 'Jy weet, ek, as Hy hier inkom, sal ek Hom nie sien nie. Maar ek weet Hy gaan na Lavinski toe, daar oorkant, vir middagete, my mededinger. So ek sal—ek sal jou sê wat, ek sal hier opgaan, en ek weet Hy sal by Halleluja Laan verbygaan, waar dit in Gloriestraat afgaan, en:'" Hy gaan gewoonlik daarlangs verby, jy weet: "'so ek sal soontoe gaan en daarbo gaan staan. En wanneer Hy verbygaan, sal ek Hom sien.'

113 "Wel, het daar gekom en hy was goed versorg, gesê: 'Ek sal net *hier* staan, en wanneer Hy kom, gaan ek sê: "Rabbi, ek het my vrou baie aande uit die bed geklap, as gevolg van U. Ek wil hê U moet haar uitlos! Ek wil haar terughê in die kerk by die dames se naaldwerkkringe en dit alles."'" Sien? "'"Wel, ek's 'n veragte sakeman in hierdie stad, omdat sy 'n klomp fanatici gevolg het, klomp holy-roll-. . ., of, jy weet, mense soos U."'" Sien? "'"So ek's 'n. . .Ek—ek—ek wil hê U moet die streek verlaat." Ek sal

Hom sê, man, en almal sal weet ek's 'n—ek's 'n . . . Ek's *die* kêrel, ek het 'n bietjie verstand,'" julle sien.

114 "En hy het daar op die hoek gestaan, net gedink: 'Wel, weet jy wat? Daardie skare sal Hom volg.'" Dis reg, hulle sal. "'Waar Hy ook al gaan, sal hulle ook gaan. Weet jy wat? Ek's so klein, wanneer hulle hierbo kom, mag hulle net bo-op my trap. So daar's net . . . Ek weet nie hoe om dit te doen nie.'

115 "So hy het gekyk en daar het 'n wildevyeboom daar gestaan, gedink: 'Wel, weet jy wat? Ek glo ek sal *daar* in klim. En wanneer ek daarbo kom, nou, waarvoor doen ek dit alles? So ek, maar as ek daarbo kom, sal ek Hom sien wanneer Hy verbykom, en ek sal vir Hom 'n preek preek bo uit hierdie boom uit.'

116 "So hy het rondgekyk, en hy was te kort om die tak te bereik, julle weet. Maar hy was vasbeslote dat hy Hom sou sien." As jy vasbeslote is, sal God beslis 'n manier vir jou maak om Hom te sien, sien. Wees net vasbeslote, sien.

117 "En toe het hy rondgekyk, hy het toevallig gedink: 'Wel, wat is . . . ? Wel, die vullisverwyderaar het nog nie vanmôre verbygekom nie.' En die vullisdrom het daar oorkant gestaan. So hy gaan soontoe om die vullisdrom te kry, en dit was te swaar. 'Wel, niks anders daar nie, maar ek wil Hom sien.'" O, jy sal vreemde dinge doen wanneer jy Hom wil sien. Jy doen dinge wat jy nie dink jy sou doen nie, dinge wat 'n verleentheid is.

118 "So hy sit sy arm om die vullisdrom, hier kom hy nou, en net omtrent daardie tyd, hier kom twee of drie sakemanne om die hoek, sy mededingers, toe is hy in 'n strik gevang." Miskien is sommige van julle in dieselfde toestand vanaand, is julle gevang onder ons holy-rollers, so daar het julle dit, kan dit net sowel neem, sien.

119 "So daar was hulle, hy het die drom in sy arms gehad, sy gesiggie het rooi geword, maar hy het nie omgegee nie, hy gaan Hom in elk geval sien." Dis die manier. Nou, Saggéüs, nou kom jy reg. "Neem dit soontoe en sit dit langs die boom. En skarrel op in die . . . " Ek bedoel nie om dit te sê nie. Ons noem dit in Amerika *skarrel in die boom op*, julle weet, dis "gaan op in die boom, en klim op daarin."

120 "Hy het daarbo gekom. Het hom . . . Gaan gaan sit waar twee takke bymekaar kom, soos *hierdie*, gaan sit oor daardie takke." Dis 'n goeie plek om 'n rukkie te sit, waar twee paaie ontmoet, joune en God s'n. Dink 'n bietjie daaroor na. Jy gaan een van hierdie dae sterf. Jy moet die God ontmoet Wat hierdie Woord geskryf het, jy moet Dit beantwoord een van hierdie dae. So ek hoop dat daar baie Saggéüse is wat hier is vanaand, op daardie kruisplek sal sit vanaand, julle besluit sal maak.

121 Wat 'n jammerlike gesig was hy, wat daarbo gesit het en die splinters uit hom uitgehaal het, vullis oral oor sy nuwe pak, en, maar hy was vasbeslote om Jesus te sien, sien. Hy wou Hom sien.

122 "So hy het begin dink: 'Jy weet, wat laat my dit doen? Jy weet, Rebekah het vir my gesê dat daardie Kêrel 'n profeet was, dat Hy kon *sien*. Nou, ek glo dit nie, daar's nie so-iets in hierdie dag nie, my priester het vir my gesê daar's geen profete van hierdie dag nie. Profete was honderde jare gelede, ver in die verlede, Moses se tyd, maar daar's geen profete vandag nie. So, weet julle wat ek glo? Voor, voor ek Hom bietjie sê, glo ek sal ek net myself wegsteek, sodat Hy my nie kan sien nie. So hy het al die takke geneem, en hulle oral om hom opgetrek, en homself gekamoefleer sodat niemand hom kon sien nie.

123 "So hy het vir hom een groot blaar soos *hierdie* gelos, soos 'n deur, hy dit kon oplig en uitkyk. En hy het daar gesit en wonder: 'Nou, Hy sal nooit weet ek's hierbo nie, want Hy kan my nie bo in hierdie boom sien nie, en ek sal net sien hoeveel van 'n *profeet* Hy is.' En elke nou en dan, sou hy 'n bietjie geraas hoor." Julle weet, gewoonlik waar Jesus is, is daar 'n klomp geraas, ek weet nie hoekom nie, maar dis gewoonlik so, sien.

124 "En so het hy die blaar afgetrek, uitgekyk oor die blaar, niemand op pad nie. Naderhand, het hy 'n geraas gehoor, hy het afgekyk en die strate het vol mense begin word. Hy het onder die blaar ingeloer, julle weet, gekyk, rondgekyk om te sien, naderhand, het 'n yslike groot, sterk man om die hoek gekom, die straat wat vol was: 'Ek's baie jammer vanmôre, vriende, sal julle terugstaan en ons Meester plek gee? Hy is—Hy is baie uitgeput en moeg. Hy was baie op deur die nag, Hy het gister die siekes genees, en dinge is gedoen. Sal julle asseblief terugstaan?'

"'Dit moet wees wie Rebekka gesê het Simon Petrus was. Hy lyk soos 'n groot, sterk kêrel.'

"'Sal julle staan . . .?'

"'Hier kom nog 'n paar manne agterna: "Ons is baie jammer, maar gee ons Meester plek, sal julle? Want Hy is baie moeg vanmôre."'

125 "'Wel, ek het gedink: "Nou, Hy sal my nooit hier sien sit nie." En so na 'n rukkie, het ek oorkant na die hoek gekyk, en daar het 'n—'n vriend van my gestaan met 'n siek baba, wat ek pas daaronder was en met hom gepraat het, en die dokter wat by my selfde restaurant eet, waar ek en die priester eet, vir daardie man gesê daardie baba sou enige tyd sterf, en sy koors was so hoog, en hier is hulle toegedraai in 'n kombers, wat daarbuite staan om hierdie Fanatikus te sien verbykom.'

126 "'Naderhand, het die vadertjie voor Hom uitgehardloop, en neergeval, en gesê het: "Sou U my baba genadig wees?" En Hy het net die kombers aangeraak, die dogtertjie het begin spring en hardloop, weggegaan.'

127 "En toe hy afgekyk het, was daar iets omtrent hierdie Man, Jesus, dat toe hy Hom gesien het, hy van plan verander het, hy

was nie lus om Hom uit te skel nie.” As jy ooit reguit in die Skrifte kyk en Jesus sien, wat Hy is, sal jy Hom nie meer kritiseer nie.

128 “Hy wou Hom nie uitskel nie, maar hy het die blaartjie afgetrek en begin sien hoe Hy aankom, Hy het Sy hoof gebuig gehad, reëlmatig aangestap.” Die Bybel het gesê daar’s geen skoonheid dat ons Hom sou begeer nie, so Hy was waarskynlik ’n krom-skouer Kêreltjie, wat in die strate geloop het.

129 “En toe Hy gekom het tot reg onder waar hy was, het Hy gestop, en hier het hy oor hierdie blaar gekyk, Hy het opgekyk, gesê: ‘Saggéüs, kom af; Ek gaan huis toe saam met jou vir middagete vandag.’ Nie net geweet hy was in die boom nie, maar geweet wie hy was. ‘Saggéüs, kom af, maak gou, kom dadelik af, Rebekka wag vir ons.’

“Onthou jy hoe Hy . . . ?”

130 “O, ja,” het almal van hulle gesê: “ek onthou dit, ja, meneer. Ons onthou daardie getuienis, wat Saggéüs daarbo gegee het daardie dag by die ete, hoe hy skaam was en hy gesê het: ‘Here, as ek enigiets verkeerd gedoen het, sal ek dit regmaak. Ek weet dat U die Messias is, sekerlik, ek is tevrede, toe U my naam geroep het, ek wat daarbo in daardie boom gesit het.’”

“O, ja.”

131 “En sê, toe ons by die poorte uitgegaan het, onthou julle daardie ou Blinde Bartimeüs, wat daarbuite aan die ander kant daar was? Onthou julle sy getuienis, broers?”

“Ja, ek onthou dit.”

132 “Hy het daar gesit en droom van die dae dat toe hy kon sien, toe hy altyd in staat was om rond te hardloop, en blommetjies te pluk op die heuwel van Judéa.” [Leë kol op band—Red.]

133 Maar Hy is nie die duiwel se gek nie. Hy het gesê: “Ek doen niks totdat die Vader . . . ” [Leë kol op band—Red.] “ . . . ? . . . wat Ek die Vader sien doen, dit doen die Seun ook net so.” Hoeveel ken daardie Skrif? Johannes die 5de hoofstuk.

134 Toe Jesus deur die bad van Betésda gegaan en een man genees het, die menigtes agtergelaat het, duisende wat daar gelê het, verlam, blind, kreupel, verdor, het Hy het na ’n man toe gegaan wat miskien ’n prostaatprobleem gehad het, miskien het hy TB gehad, dit was vertraag, hy het dit agt-en-dertig jaar gehad, waarom het Hy nie hulle genees wat kreupel en blind was nie? Reg verby almal van hulle gegaan en na hierdie kêrel toe gegaan.

Nou, onthou die Bybel het gesê Jesus het geweet dat hy in hierdie toestand was, sien. En Hy het gesê: “Wil jy gesond gemaak word?”

Gesê: “Ek het niemand om my in die water te sit nie.”

Gesê: “Neem jou bed op.”

Gesê: "Iemand kan voor my gaan." Hy kon loop, het gesê iemand is vinniger as hy, kom eerste daar, kom in die water wanneer die engel die water geroer het.

Gesê: "Neem jou bed op en gaan na jou huis toe."

135 En Hy is ondervra. As Hy dit in hierdie stad gedoen het, vanaand, sou Hy ondervra word. Kyk hoe die duiwel sê: "Ons het 'n man wat potlode verkoop hieronder in die strate, blind. Laat hierdie Goddelike genesers hom genees." Sien? Sien, daardie duiwel? Dieselfde een het gesê: "As U die Seun van God is, doen 'n wonderwerk voor my, verander hierdie brood in. . .hierdie klippe in brood. Ek sal jou glo."

136 Dieselfde duiwel, toe hulle Hom in die howe gehad het, het 'n lap om Sy kop gesit, en 'n klomp dronk soldate het Hom op die kop geslaan met 'n stok, gesê: "As jy 'n profeet is, sê vir ons wie jou geslaan het. Ons sal jou glo." Sien? God is niemand se gek nie.

137 Jesus het gesê: "Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen nie, maar wat Hy die Vader *sien* doen, dit doen die Seun ook net so." Daar het julle dit, daar's die ware dienskneg van God. "Ek kan niks in Myself doen behalwe wat Ek sien nie," nie *hoor* nie, *sien*. Dan het Jesus nooit een ding gedoen totdat God Hom deur 'n visioen gewys het wat om te doen nie, of Hy het iets verkeerd gesê in Johannes 5:19.

138 "Voorwaar, voorwaar," dis *absoluut*, *absoluut*: "Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen nie," dit was die Seun, die—die liggaam waarin God gewoon het, "die Seun kan niks uit Homself doen nie, behalwe wat Ek sien," *sien* "die Vader doen, dit doen die Seun ook net so. Die Vader werk en Ek werk tot nou toe." Met ander woorde: "Vader wys My wat om te doen, en Ek speel net die rol soos 'n drama."

Nou, Blinde Bartimeüs het daar gesê, gesê: "Wie gaan verby?"

139 "O," het hulle gesê: "bly stil," hom omgestamp. En daar het uiteindelik 'n goedhartige, klein vroutjie, 'n dienaar van Christus. . .Alle dienaars van Christus is goedhartig. Glo julle dit? Hulle hou daarvan om hoflik te wees teenoor diegene wat behoeftig is, die blindes te help om die straat oor te steek, hulle na die diens toe te bring, goeie dinge te doen. Wanneer die buurman siek is, gaan help hulle, verwag nooit geld nie, doen goed aan ander. Al Christus se dienaars is so, hulle help graag diegene wat vermoeid en vertrap word.

140 Hierdie arme ou, blinde man, wat weggestamp is, en almal van hulle wat skree, een wat sê: "Heil, wees gegroet, *daar*, die Koning, die Profeet, die Galilése Profeet, begroet Hom!"

Die ander wat sê: "Weg met daardie bedrieër!"

141 Ander sê: "Kom wek die dooies op, jou skynheilige. Baie van hulle wat hierbo op die heuwel lê, kom hiernatoe en wek een van ons manne op. Ons het 'n goddelike priester gehad wat gesterf het verlede week, kom, wek hom op as jy die Seun van God is."

142 Jesus het nooit Sy mond oopgemaak nie, net aanhou loop. Al die. . .Hy was op pad na Gólgota, net toe, opgegaan na Jerusalem, die las van die wêreld was op Hom, elke mens wat ooit gesterf het, elke sonde wat ooit gepleeg is, is op Hom gelê, en Hy het geweet Hy was op pad na die dood.

143 Ek kan Bartiméüs hoor sê: "Wie gaan verby?" Niemand wou hom sê nie.

Dadelik, het hierdie gawe vroutjie gesê: "Meneer, laat ek jou ophelp, goeie meneer."

"O, jy's 'n gawe dame. Wie is jy?" Hy het gesê. . .

Sy het gesê: "Ek is die dienaar van die Christus."

"Die *Wat*?"

"Die Christus. Is jy 'n. . .? Is jy 'n Jood?"

"Ja."

"Het jy nie gelees in die Skrifte waar die Messias sou kom nie?"

"O, die Seun van Dawid?"

"Ja. Watter soort man sal Hy wees?"

"O, Hy sal 'n Profeet wees," het Blinde Bartimeüs gesê. "Hy sal 'n Profeet wees."

"Dis Hy wat so pas verbygegaan het."

"O Jesus, U Seun van Dawid, wees my genadig!"

Party van hulle het gesê: "Bly stil." Hoe kon Hy dit hoor?

144 Gaan eenkeer na Jérigo en kyk waar hy gesit het en waar Jesus was, omtrent driehonderd treë. Duisende mense wat sê: "Heil die Profeet!"

Ander een wat sê: "Weg met die skynheilige!" Oorryp kos na Hom gegooi, en alles soos daardie: "Gaan uit ons dorp uit!" Sien?

En ander wat Hom seën, en sommige wat Hom vervloek, dieselfde ding vandag, dieselfde ding.

Party sê: "Dis waar, dis van God."

Die ander een het gesê: "Dis 'n duiwel."

145 Daar het julle dit. Sien? God neem Sy man, maar nooit Sy Gees nie; die duiwel neem sy man, maar nooit die gees nie, leef net soort van aan in iemand anders, bly net terugkom, soos die Heilige Gees. Sien? Nou, hulle lewe albei vandag, hulle lewe albei in Grande Prairie, julle weet dit. Sekerlik, hulle is, albei geeste. Hulle. . .Waar ook al mense vergader is, vind jy albei geeste.

146 Hier was hulle, en nou, daar. . .Jesus kon hom nie letterlik gehoor het nie, dis te veel geraas. Maar Blinde Bartimeüs moes dit gesê het: "Ek weet dan dat Dit daardie Messias is wat ek geweet het sou kom, en ek weet dat Hy 'n Profeet is." So hy moes op sy knieë geval en gesê het: "Jehova, Jehova!" Sien, dit vergelyk met die res van die Skrif, die vrou wat Sy kleed aangeraak het. Hy's 'n Hoëpriester vanaand, dat julle Sy kleed kan aanraak.

147 "Jehova, ek's blind, ek het nie geld vir 'n operasie nie, en hulle kon my in elk geval glad nie help nie. Jehova, Dis die Seun van Dawid en Hy gaan by my verby, wees genadig!" Sy geloof het Hom gestop, die geloof van 'n blinde bedelaar, 'n onbeduidende persoon.

148 Nie sy uitroep nie, Hy kon dit nie, te goed, gehoor het nie, een wat *dit* sê en die ander een wat iets anders sê, maar sy geloof het Hom gestop, want Jesus het so gesê. En onthou, met die sondes van die wêreld op Hom, op pad na Jerusalem, het die geloof van een bedelaar Hom in Sy spore gestop.

149 Wens ek het 'n paar dae gehad, ek sou graag een aand vir julle wou preek, net preek oor. "En Jesus Het Stil Gaan Staan." "Die Son Het Stil Gaan Staan." Een van hierdie dae, sal tyd stilstaan! Maar Jesus het stilgestaan, gesê: "Jou geloof het jou gered."

150 "En onthou julle wat Blinde Bartiméüs gesê het? Hy het gesê dat Dit die Seun van God was: 'Daardie Man was 'n Profeet, my geloof was sterk genoeg om Hom te stop. En ek het Hom gevra vir my sig en Hy het gesê: "Jou geloof het jou gered." Ek het gestaan en kyk, die skares het in die pad afgegaan, ek het gesê: "Dit moet so wees, dit moet so wees, ek weet dis so." En naderhand het ek 'n skaduwee begin sien, ek het begin oplet, en daar was my hande, ek, wat verheug in die pad af hardloop.'"

"O, sekerlik."

151 O, wat 'n getuienisdiens het hulle gehad! Hulle het sonder twyfel gehuil en geskree en op-en-af gespring in die boot, geskree: "Glorie aan God! Prys God, Broer! Ons weet ons is reg, ons weet dat Hy die Messias is."

152 So is dit vandag, jy kan al jou dooie teologie hou wat jy wil, ek sal die lewende Christus neem. Uh-huh. Ek en my huis, ons sal God dien. O, ek hou van 'n ondervinding, 'n Urim en Tummim, 'n Woord van God wat vlees geword en onder ons gewoon het, dis ek.

153 Daardie getuienisdiens, omtrent daardie tyd, het ons begin oplet, moes die duiwel opgekyk het oor die Galilése heuwel, en gesê het: "O, daar is hulle, *daar* buite besig om 'n getuienisdiens te hou, maar hulle het sonder hom vertrek, hy's nie nou by hulle nie. So as hy nie nou by hulle is nie, is dit nou my tyd om hulle te kry."

154 My kosbare broers, dis wat hy weer kon sê. Die kerke vertrek sonder Hom. Hulle vertrek op 'n groot denominasionele veldtog, ons Pinksterbroers, probeer om meer lidmate as *hierdie* een te kry, of meer lidmate as *daardie* een, het groot programme wat aangaan, groot dinge, probeer vergelyk met die ander kerke. Ons moet dit nie doen nie. Laat ons by Jesus bly.

155 Die duiwel sê: "Nou, sal ek hulle sink, ek het dat hulle sonder hom vertrek het." En dis net wat hy nou probeer doen. So hy het sy giftige asem begin blaas: "*Whew!*" Die ou see het in 'n senuwee ineenstorting gehad, hier het die golwe begin hop en spring en om. . . Gesê: "Ek sal hulle nou sink," gestaan, met blink oë op elke golf, en die weerlig wat flits, die donderslae wat brul. Gesê: "Ons sal hulle nou kry, want ons het hulle hier buite sonder hom."

156 Dis wat die duiwel vandag aan die kerk gedoen het, wat vertrek het sonder Jesus op 'n yslike groot denominasionele veldtog. En voor jy jou kom kry, ander soort dinge van die wêreld en probeer vergelyk met die wêreld. Ons kan nie vergelyk met die wêreld nie. Moenie oorgaan op die wêreld se terrein om die mense in te kry nie. Ons het Iets wat hulle nie het nie. Halleluja! Ons het Jesus, hulle het glans. Hoe kan ons met hulle vergelyk met glans? Die Evangelie is nie 'n skynsel nie, dis 'n gloed. Sekerlik, en jy kan dit nie laat *gloei* nie, dit kom in jou in en laat ditself gloei. Amen. Ja.

157 Dis wat ons probeer doen, met een of ander soort opsweping begin om meer as die Baptiste te kry, of meer as die Metodiste, en hoe om ons kerke soos hulle s'n te laat lyk, en ons denominasie dieselfde as hulle s'n te maak. En, o, onsin! Laat ons teruggaan na Christus. Laat ons teruggaan na die outydse bidure, terug na die goddelike nagte van trane en uitroep voor God, totdat ons die lewende God onder ons sien beweeg, bidure wat uitbreek, en mense wat onder oortuiging kom, terug soontoe. Hy het ons ook gevang terwyl ons opgesweep is.

158 Nou, wat het gebeur? Alle hoop was weg, die roeispane het gebreek, die seil het geval. Maar julle weet, ek wil julle nie daarbuite laat sit nie, ons wil nie daar bly nie. Maar julle weet, dis net soos Jesus, die Fransman noem Hom: "Jésus," dis net soos Jésus, Hy sal jou nie verlaat nie. Weet julle wat Hy gedoen het? Hy het geweet hulle gaan in die moeilikheid beland, Hy het geweet hulle gaan, iets gaan daarbuite gebeur. En Hy het geweet iets gaan met ons gebeur, Hy's God, Hy het die einde van die begin af geken.

159 Weet julle wat Hy gedoen het? Hy het die hoogste heuwel uitgeklim wat daar in Palestina was. Hoe verder jy opgaan, hoe verder kan jy sien. So Hy het opgeklim na die bopunt van die hoogste heuwel sodat Hy hulle kon dophou. Toe hulle in die moeilikheid beland het en Hom nodig gehad het, kon Hy 'n baie teenswoordige Hulp wees in 'n tyd van benoudheid.

160 En, broer, toe hulle Hom op Gólgota gekruisig het, het die wêreld gedink hulle het Hom, het die Dood gedink hulle het Hom, Die hel het gedink dit het Hom gehad, die duiwel het gedink hy het Hom, maar Hy het elke seël gebreek. Hy klim nie net deur Gólgota nie, maar verby elke maan en ster, en sit aan die regterhand van die Majesteit, vanaand. En Sy oog is op die mossie, en ek weet Hy hou my dop, nie waar nie?

161 Hy sien ons probleme, ons verbouereerdhede, alles wat soos *hierdie* draai, en party van hulle wat probeer sê: "Wel, ek glo dit net nie," en die ander een wat *so* sê: siekte, kanker, siektes, allerhande dinge, wat onder Christene begin, wat soos die wêreld optree en alles. Laat net die sweep inkom, dis al.

162 Maar onthou, Hy sit hoog op, hou jou dop, kyk wat jy gaan doen. Reg op die donkerste van die uur, toe alle hoop weg was vir 'n herlewing, hier het Hy op die see aangestap gekom. Hier het Hy afgestap gekom, op die see.

163 Weet julle wat? Daardie dissipels is net omtrent soos baie mense vandag. Dit was die enigste Hulp wat hulle ooit kon kry, die enigste Ding wat hulle kon help, en hulle was bang Daarvoor. Hulle het gesê: "Hy lyk soos 'n spook. Hy moet 'n fortuinverteller wees. Dit moet 'n telepatie wees." Hulle was bang Daarvoor.

164 En dis wat dit vandag is, mense weet nie wat om daaraan te doen nie. Hy wandel weer reg onder ons, amen, wandel onder ons in die probleme, wanneer atoombomme en alles oral hang, maar reg in hierdie donker uur, wanneer die kerke heeltemal verward en uitmekaar geskeur is in denominasionele verskille, kom Jesus reg onder ons aangestap, en die mense sê: "Ek weet nie, ek weet nou nie. Dit het nie na ons organisasie toe gekom nie, ons moet dophou," julle sien.

165 Maar wat was die Woorde? "Dit is Ek, moenie vrees nie."

166 So vanaand, Grande Prairie, is ek julle broer, Hy is julle Here, maar dis Hy wat onder julle beweeg. Julle Pinkstermense, sê die Bybel nie, het Paulus nie gesê: "As julle almal in tale praat, en daar een onder julle ingekom het wat ongeleerd is, daar geen uitleg daarvan is nie, sal hy nie sê julle is kranksinnig nie? Maar as een 'n profeet is en die geheim van die hart openbaar, dan sal hulle almal neerval, sê: 'Waarlik, God is onder julle'"?

167 Ek's nie 'n uitgeworpene nie, ek is jou broer. As Jesus met 'n hoorbare Stem kon praat vanaand, sou julle Hom dieselfde ding hoor sê, "Moenie vrees nie. Dit is Ek, moenie vrees nie." Dis dieselfde God, dieselfde Gees. "n Klein tydjie en die wêreld sal My nie meer sien nie, tog sal julle My sien," die gelowige: "want Ek sal met julle wees, selfs in julle tot aan die einde van die wêreld. Die werke wat Ek doen, sal julle ook." Hy het geprofeteer in hierdie laaste dae, in die aandtyd, daardie selfde ding sou plaasvind, wat ons daardeur was hierdie week.

168 "Soos dit was in die dae van Sodom . . ." Dis . . . Wat was . . .? Nie in Noag nie, nou, onthou Hy het dit verduidelik, maar Sodom. En hierdie is die tyd van Sodom, wanneer die wêreld verbrand gaan word, nie verdrink nie, verbrand, dit gaan verbrand word. En hierdie teken sou terugkeer, nie 'n ark nie, maar God wat in die vlees van Sy mense woon, in Sy Kerk.

169 Sien, Jesus het gesê: "Op daardie dag, sal julle weet dat Ek in die Vader is, die Vader in My, en Ek in julle, en julle in My." Dis God in julle. Alles wat God was, het Hy in Christus uitgestort, en alles wat Christus was, het Hy in die Kerk uitgestort. So dis God bokant ons, God met ons, en God in ons. Geen wonder ons is beveel om te doop deur Vader, Seun, en Heilige Gees te gebruik nie. Nie drie verskillende Gode nie, drie ampte van een God. Sien? God bokant ons in die Vader, God in, uh, met ons, in die Seun, wat Sy weg reinig, neerdaal, afkom, 'n weg maak dat Hy kon terugkom en Sy mense terugbring om gemanifesteerde seuns van God te maak, soos hulle hulle in die tuin van Eden gehad het. Die hele wêreld smag en wag vir daardie uur, vir die manifestasie van die seuns van God.

170 Hy het geen stem vanaand behalwe ons stem nie, Hy het geen hande behalwe ons hande nie. Hy het julle hande, dis wie se hande dit is. Hy het gesê: "Ek is die Wynstok, julle is die lote." Ek hoop dat julle sal luister na hierdie swak stem vanaand, en die Stil Stemmetjie van die Gees wat in jou hart kan spreek, en Hom hoor sê: "Dis Ek, moenie vrees nie." Sal jy glo? Laat ons ons hoofde buig.

171 Here Jesus, die ure word laat en donker. Ek weet nie presies watter tyd U mag kom nie. Ek glo dat U U groot hand uitgesteek het en tyd gestop het, dit net 'n rukkie vasgehou het. Wetenskap het 'n paar jaar gelede gesê, dit was drie minute voor middernag. U het in U Eie Woord gesê: "Wanneer julle sien hierdie dinge begin gebeur: Israel wat herstel, die vyeboom wat sy botsels uitstoot . . ." Israel is nou 'n volk. Die ses-punt Ster van Dawid, die oudste vlag in die wêreld, dit het nie gewapper vir vyf-en-twintighonderd jaar nie, wapper oorkant in Israel vanaand. Israel wat herstel, sy het haar eie geld, haar eie leër, sy's 'n volk.

172 Duisende wat terugkom, sê: "Waar is daardie Messias?" Wat 'n geleentheid het ons nou! Gesê: "Laat ons Hom die teken van 'n profeet sien doen. As ons Hom die teken van 'n profeet kon sien doen, dan sal ons weet Dis Messias, dat Hy Messias was, Hy het dit belowe." O God, terwyl die Heidene hulle laaste oproep kry, mag hulle die Stem van God hoor, vanaand, sê: "Dit is Ek, moenie vrees nie."

173 Here, ek's moeg, ek's so moeg ek kan skaars hier staan. Ek bid dat U iets spesiaals vir ons sal doen vanaand. Skenk, Here, doen iets net soos U dit gedoen het. Tel hier 'n getuienis op na negentienhonderd jaar, dat hierdie apostels en dissipels van hierdie kerke vanaand, hier mag weggaan met dieselfde soort

getuienis, hulle môre kan sê: "Ons weet dat ons Here opgestaan het uit die dood en Hy ons gered het van sonde, Hy ons die Heilige Gees gegee het. Hy het ons lippe gebruik om woorde te spreek waarvan ons nie, nie eens weet waarvan ons praat nie. Ons het Hom sien spreek deur ons broer, in die Gees van profesie, om die laaste teken te bring wat aan die Kerk belowe is."

174 Ons glo nou, Here. Help ons nou om ons moue opgerol te kry, om as 't ware te sê, help ons om daarin te delf, mag elke Christen in elke buurt. Skenk dit, Here.

175 Mag elke siek persoon wat hier is, elke gees van die duiwel wat hierdie Christene gevang het, mag hierdie Christene in sulke eenheid en eendragtig wees, dat daar nie 'n swak persoon onder ons sal wees vanaand, wanneer die diens verby is nie. Skenk dit, Here. Wys Uself as lewendig vanaand, Here. Soos ek hierdie stad verlaat, sal U Gees nie weggaan nie, Dit sal hier bly totdat Dit die liggaam van ons Here Jesus terugbring.

176 Seën my broers, Here. Seën my susters en hierdie jong mans en vroue by die kruispad van die lewe, mag hulle hulle besluit neem vanaand, om U te dien. Skenk dit.

177 Mag alle siek mense besef en uit hulle hart weet dat die Skrifte hierdie uur voorspel het, en hierdie uur aangebreek het by Grande Prairie, wat ons, as U predikers almal saamstem dat ons in die laaste dae is en hierdie dinge so behoort te wees.

178 Nou, Vader, sal U nie op die toneel kom vir 'n paar oomblikke en bewys dat U hier is nie? Ek het 'n getuienis van U gegee, nou, Here, kom getuig U dat ek die waarheid gepraat het en ons sal U glo, Here, met ons hele hart. En elke persoon hierbinne sal genees word, gered tot die heerlikheid van God. Ons vra dit, in Jesus' Naam. Amen.

179 Ek het vir my seun gesê ek sal vanaand om nege-dertig klaar wees en dis nou tien minute voor tien. Julle is. . .Ek praat net so lank. Waar is hy? Ek het vergeet. . .Broer Fred, het—het hulle gebed. . .uitgegee? Het julle hierdie gebedskaartjies gedoen? Ek het vir hom gesê, kom af, gee gebedskaartjies uit. Ek het nie geweet of hulle dit gedoen het of nie, en ek was in gebed toe hulle my vanaand kom haal het, en—en ek het nie gedink om hulle te vra nie. Maar hy het gebedskaartjie uitgegee. . .Hoeveel—hoeveel is uit? Wat? Hoeveel en watter letters? Wat was, het jy eers uitgegee? Eers, A, eerste. Waar het ons nou die aand begin? Een?

180 Goed, kom ons neem 'n paar B's. Kry net 'n paar hierbo. Ons sal vir elkeen van hulle bid. Kom ons begin nou in die B's, want diegene, waarskynlik, was hier om dit tevore te sien, die B's is die nuwes. Hoeveel het hulle in die ry ingekry daardie aand? Dertien. Veertien. Wel, kom ons neem vyftien uit die B's, vanaand.

181 Laat ons sien, laat ons begin van, dan, laat ons sien, vyf-en-tagtig, vyf-en-tagtig, negentig, vyf-en-negentig, eenhonderd.

Kom ons begin by vyf-en-tagtig. Wie het gebedskaartjie B, vyf-en-tagtig? Steek jou hand op. 'n Man agter. . .nou daar's twee hande hier op. B, vyf-en-tagtig. Is dit joune, meneer? Kom hier. B, ses-en-tagtig. Wie het gebedskaartjie B, ses-en-tagtig? Hierdie dame hier. Sal jy net hier oorkant staan? Sewe-en-tagtig, B, sewe-en-tagtig. Sal jy jou hand opsteek, asseblief? Sodat ons weet wie jy is. Sewe-en-tagtig. Sê wat? Vyf-en-tagtig. Hierdie is ses-en-tagtig, hier, dink ek. Sewe-en-tagtig, Dis negentig. Ses-en-tagtig, gebedskaartjie B, ses-en-tagtig. Jy het. . .[Leë kol op band—Red.]

182 Hy sou dieselfde optree as wat Hy toe het, as Hy dieselfde Hoëpriester is. Is dit nie reg nie? Nou glo julle, elkeen van julle nou. Wees baie eerbiedig. Moenie rondbeweeg nie, glo net.

183 Nou, o, broers, hoor dit nou, broer. . .?. . .Dit is dit. Nou as enigiemand dalk twyfel dat hierdie nie God is nie, kom jy dan hiernatoe en neem my plek in. Kom hier en gaan af in hierdie gebedsry. Laat die Heilige Gees deur jou praat. 'n Beter manier het om dit te doen, laat my weet. Ja, ek sou beslis dankbaar wees.

184 Nou, elkeen van hierdie mense in hierdie gebedsry, sover ek weet, ken ek julle nie. Julle is Kanadese hierbo, en ek is van onder in die State. En as ek julle nie ken nie, elkeen van julle in hierdie gebedsry, steek julle hande op, as ek julle nie ken nie. Elkeen. Hoeveel buite in die gehoor weet dat ek julle nie ken nie? Steek jou hand op, niks van jou weet nie. Almal, sover ek kan sien.

185 Ek ken Broer Evans se twee dogters, wat net *hier* sit, op hierdie sitplek *hier*, en behalwe dit, is dit die enigstes wat ek kan sien wat ek ken. Ja, hier's Suster Evans en Broer en Suster Dauch, net *hier*, net *hier*. Ja, goed.

186 Nou wees net baie eerbiedig. Nou, julle het my hoor getuig uit die Skrif en apostoliese getuienisdiens gee. Dat daardie apostels getuig het, en natuurlik ek. . .dit was 'n drama, maar presies alles wat ek gesê het, was Skriftuurlik. Glo julle dit? Dit, dit was Skriftuurlik, gestel in die vorm van 'n drama.

187 Nou, as Hy net 'n historiese God is, dan het Hy gesterf en is dit alles verby. En ons kan-. . .Julle mense hierbo in die noorde, julle weet dat julle nie kan nie, 'n man kan nie warm word van 'n geskilderde vuur nie. As 'n man besig was om dood te vries en jy het hom geneem, vir hom 'n mooi skildery gewys van 'n groot, mooi, rooi vuur wat eenkeer gebrand het, kan hy nie warm word met 'n geskilderde vuur nie. Ons kan ook nie deur 'n historiese God gered word nie. Ons kan nie die vreugde van 'n Pinkster Vuur byvoeg, tensy dit dieselfde Vuur vandag is nie. Ons kan nie—ons kan nie 'n historiese God dien nie.

188 En wat help Hy vir jou, die God van. . .wat in Christus was, as Hy nie dieselfde God vandag is wat Hy belowe het om te wees nie? Dis Skriftuurlik, vriend. Nou, skud jouself net 'n bietjie.

Moenie emosioneel wees nie, maar maak net jouself wakker vir ’n sekonde, dat dit die waarheid is.

189 Dan hier is ons, met my hande voor God, my Bybel hier, dat julle vreemdelinge vir my is. In hierdie gebedsry, ek ken nie een van hulle nie, het hulle nog nooit in my lewe gesien nie. Die enigste rede waarom hulle hier staan, iemand het gekom het, die seun, en ’n klomp kaartjies gehad en hulle deurmekaar gemaak en vir iemand ’n gebedskaartjie gegee. En ons het vanaand gekom, en net gesê: “Wel, ek sal van ’n sekere nommer af roep.” Ons roep van ’n sekere ander nommer af.

190 Jy hoef nie eens ’n nommer te hê nie, hoef nie eens ’n gebedskaartjie te hê nie, net daar sit en sê: “God, ek glo dat die Bybel reg is, en ek glo dat U die Hoëpriester is, en ek glo ons lewe in die laaste dag. En hierdie man ken my nie, en ek is siek, laat hom vir my sê wat verkeerd is met my. Laat hom—laat—laat hom met my praat soos Hy het met die vrou,” en vind uit wat gebeur. As Hy dit nie doen nie, dan is ek ’n—ek’s ’n bedrieër en vertel die Bybel ’n leuen, en dis onmoontlik vir die Bybel om ’n leuen te vertel. Ek kan ’n bedrieër wees, maar dis onmoontlik vir die Bybel om ’n leuen te vertel. Maar as die Bybel ondersteun wat ek gesê het, dan is ek nie ’n bedrieër nie, ek is ’n getuie van Sy opstanding en jy kan dieselfde wees.

191 Nou, is dit nie wonderlik nie? Vind uit. Waar is ’n ander godsdiens in die wêreld? Gaan kry die Boeddha, Mohammedaan, laat ons kyk of hy lewe, maar ons Christus *is* lewendig. Gaan kry die geloofsbelydenisse, kyk of dit sal werk, dit werk nie; dit sal nie verlossing bring nie, dit sal nie die bonatuurlike bring nie. As God Almagtig, as die Heilige Gees net nou sou kom en een ding openbaar, net een ding, sou dit so ’n groot wonderwerk wees as wat kon gebeur. Presies reg, want dis bonatuurlik.

192 Wie kan dit verklaar? Wie kan verklaar hoe ’n—’n man... twee mense wat mekaar nie ken nie, nooit ontmoet het in die lewe nie, en tog kom ’n Gees af en openbaar die einste dinge wat hulle doen, en dink, en wat hulle gedoen het, wat hulle sal doen, en nooit faal nie? Dit moet God wees. Dit kan niks anders wees nie. So, julle sien, ek sweer dit, en weet dit, en julle weet dit, dat die mens nie daardie dinge kan doen nie, dit kos God. So as Hy dit eenkeer bewys het dat dit die waarheid is, dan behoort julle almal te juig en gelukkig te wees. En onthou, dis vir julle ook. Sal julle dit doen? Sal julle hierdie Jesus aanvaar waarvan ek julle vertel het, as julle Geneser, as Hy dit sal doen? God skenk dit.

193 Nou, Hemelse Vader, hierdie is so ver as wat ek kan gaan, Here. Ek kan net sê wat die Woord sê, dit neem U om die Woord uit te voer. Hier’s U diensknegte, die predikers, godvresende manne, daar’s godvresende vroue, dienaars, wat oral sit, siek en beproef. As U hier gestaan het met hierdie pak aan, wat U my gegee het, kon U niks meer vir hulle doen nie. As hulle opkom

en sê: "Here, sal U my genees?" Wel, U sou sê: "My kind, Ek het dit negentienhonderd jaar gelede gedoen toe Ek geslaan is vir jou genesing. Glo jy dit?" Hulle sou sê: "Ja, Here, maar hoe weet ek dis U?" Dan sou U wys dat U die Christus was. U kon hulle wys, iets doen wat—wat aan hulle sou bewys dat U die Christus was, nie met spykermerke in U hande nie, want enigiemand kan dit naboots. Maar die bonatuurlike is om af te gaan in daardie persoon se lewe en te weet wat hulle doen en waarvoor hulle hier is, dan weet ons dis U Gees, U, groot Wynstok, wat in U lote beweeg.

194 Laat dit weer so wees vanaand, Here. Eer U Woord. Vergewe ons ons sondes soos ons ook hulle vergewe het wat teen ons gesondig het. Gee ons soetheid van gees en mag die Heilige Gees nou, net vinnig kom en die Woord bevestig, dat elke persoon hierbinne mag weet dat die Seun van God nie dood is nie, maar opgestaan het uit die dood en lewe na negentienhonderd jaar, en vir ewig lewe. Deur Jesus Christus' Naam, vra ek dit. Amen. [Leë kol op band—Red.]

195 Nou, hou net julle aandag. Bid net en . . . Goed. Is dit die man? Goed. Nou, ek wil hê julle, elkeen, almal moet oplet, oplet. En bid, sê: "Here, ek ly aan *so-en-so*. Laat Broer Branham net na my toe draai, ek weet hy ken my nie, weet nie wat verkeerd is met my nie, maar as U net met hom sal praat, weet ek ek het U aangeraak." Nou, jy kan my heelnag aanraak en sal wees soos om daardie lessenaar aan te raak, daar sou niks daaraan wees nie, sien. Maar raak jy net eenkeer aan Hom, kyk wat gebeur, sien. Jou geloof het Hom aangeraak.

196 Nou, hier's 'n man wat toevallig is . . . As ek eers iemand hier voor my kan kry, julle sien, want nadat ek gepraat het, ensovoorts, dan . . . Ek—ek praat met hom, net soos Jesus het met die vrou by die put, totdat Hy gevind het wat haar probleem was en haar toe gesê het, en sy het gesê: "Wel, dit was reg." Dan sien, nou dis hoe dit is met hierdie man.

197 Nou, ons ken nie mekaar nie, ken ons, meneer, ek en jy? Ek wil net hê julle moet net *hiernatoe* beweeg, sodat ek jou kry, net sodat ek kan, nie na daardie gebedsry kyk nie. Hulle wat hiernatoe kyk, hulle is . . . partykeer gaan die Gees weg en party het 'n sterk, hoë geloof, Dit gaan na hulle toe.

198 Ek wil graag eers met jou praat. Nou, ons is twee verskillende mense, twee mans wat vir ons eerste keer in die lewe ontmoet het. Dit is waar, is dit nie? Goed. Nou, as daar sommige is . . . Ek het geen idee wat verkeerd is nie, ek—ek weet nie. Dan as ek—as ek jou kon help om gesond te word, of jy mag huislike probleme hê, jy mag finansiële probleme hê, jy mag siek wees, jy mag kanker hê, jy mag 'n gewas hê, jy mag TB hê, ek weet nie, sien, ek het geen idee nie, maar as ek jou kon help en dit dan nie sou doen nie, beter ek die platvorm verlaat, ek sou 'n huigelaar wees, ek sou nie waardig wees om hieragter te staan nie. Maar as ek . . .

As Jesus hier gestaan het, en jy sou Hom vra om jou te help, en jy. . .dat Hy—Hy dit vir jou sou skenk. . .

199 Nou, as julle wil weet dit was Hy. . .Enige man kan spykermerke in sy hande hê en spy-. . .merke op sy voorkop. Maar 'n gees. . .Sien, want as Hy hier gestaan het, sou die Millennium aan wees. Hy sal nooit weer aarde toe kom voordat Hy die Kerk in die lug ontmoet nie. Ons word weggeraap saam met Hom om Hom in die lug te ontmoet, dan keer Hy terug met Sy Kerk. So Hy kon nie so hier op aarde wees nie, net maar Sy Gees in Sy Kerk.

200 Nou, glo julle. . .? Nou, die Engel van die Here het vir my gesê. . .Soos julle waarskynlik my boek gelees het, ek weet nie. Maar hy. . .Julle lees dit, goed. Julle onthou bo by die meul daardie aand, toe hy met my gepraat het en hy gesê het: "As jy die mense kan kry om jou te glo, en dan opreg wees wanneer jy bid, is daar niks wat voor jou gebed sal staan nie"?

Ek het gesê: "Ek, hulle sal my nie glo nie, ek—ek—ek het geen geleerdheid nie."

201 Hy het gesê: "Soos Moses twee tekens gegee is as 'n bevestiging, so sal jy ook." Gesê: "Eers, sal jy die mense se hande neem, dan sal jy weet wat verkeerd is. Daarna, as jy opreg sal wees, sal dit gebeur dat jy die einste gedagtes van hulle harte sal ken." En hy het gesê: "Hulle sal dit moet glo."

202 Hoeveel onthou wat geprofeteer is toe ek die eerste keer hier was, of, jare gelede, en julle gesê het dit sou gebeur? Nou, kyk of dit het of nie. Jy kyk net na my, soos Johannes, Petrus en Johannes deur die poort gegaan het, die man was kreupel was, gesê het: "Kyk na ons." En hulle het na hom gekyk. Wat? Hy het sy aandag probeer trek.

203 Dis waarom Jesus gesê het: "Vrou, bring vir My water om te drink." Sien? Jy's 'n gees binne-in daardie liggaam, dis waarmee ek te doen het, daar's 'n gees *hier* binne. Nou, ek ken jou nie deur my gees nie, en jy ken my nie, maar God ken albei van ons. So daarom, sal dit Iets in my moet verg om jou te vertel, dan sal jy weet of dit die waarheid is of nie. As dit die waarheid is, wel dan, kom dit van God af; as dit nie waarheid is nie, is dit nie God nie. Dis logies, is dit nie?

204 Jy's nie hier vir jouself nie, jy's hier vir iemand anders, dis 'n vrou. Dis jou vrou, en sy is nie hier nie. Glo jy God kan vir my sê wat verkeerd is met haar? Sou jy dan glo? Sy het 'n beroerte gehad. Dit is reg. Glo jy sy gaan nou gesond word, daardie gees wat op jou is? Wanneer jy na haar toe gaan, lê jou hande op haar, in die Naam van die Here Jesus, moenie twyfel nie, sy sal daaruit kom. Gaan nou en glo. God seën jou.

205 Glo julle? Glo julle? Vra die man of daardie dinge reg was. Hê nou net geloof, wees baie eerbiedig. ['n Broer praat met Broer Branham—Red.] (Net solank as ek kan staan.)

206 Ons is vreemdelinge vir mekaar. Ek het jou nog nooit in my lewe gesien nie. Jy's jonger as wat ek is. Ek—ek het jou net nog nooit gesien nie. Maar miskien daardie vrou wat ons Here ontmoet het by die put daardie tyd, was sy waarskynlik jonger as wat Hy was, en dit was hulle eerste ontmoeting. En hier ontmoet ons net soos hulle het.

207 Nou, jy's 'n mens, ek's 'n mens. Ek ken jou nie, jy ken my nie, maar deur Christene te wees, dan het ons 'n Vader Wat albei van ons ken. As Hy vir my iets kan sê waarvoor jy hier is, of iets wat jy gedoen het, iets wat jy nie moes gedoen het nie, as Hy vir jou kan sê wat was, kan jy sekerlik glo wat Hy sê sal kom, reg sal wees, as Hy jou vertel wat was.

208 Nou, as ek hier kom en sê: "God het my 'n gawe van genesing gegee." Ek lê my hande op jou: "Glorie aan God! Word genees," kan jy dit glo, dit kan waar wees, en dis reg. Ek glo dat met al . . . die Bybel het so gesê. Maar nou, kom ons gaan verder as dit, ons het daardie dag gehad, laat ons verby dit gaan.

209 En nou, wat as Hy nou hier staan en vir jou kan sê wat jy is, wat jy wil hê, en die begeertes van jou hart, en die verborgenheid van jou hart, en die dinge in jou lewe wat jy nodig het, of nie behoort te gedoen het nie? As hulle nie onder die Bloed is nie, dan sal Hy hulle ontbloot, sien. Nou, want as hulle onder die Bloed is, hulle in die See van Vergetelheid is, kan geen mens hulle opgrawe nie. Dis reg.

210 Jy is 'n Christen. Die vibrasie van jou gees, dis wat ek dit noem, ek ken die golf, jy voel welkom, jy glo my. Ek . . . Julle doen dit. Sien? Sodra jy nadergestap het, het ek dit geweet. Jy kon 'n—'n bedrieër gewees het, hiernatoe geloop het, en wat sou dan gebeur het? Julle het gehoor van wat met hulle gebeur het, baie wat verlam lê vanaand, baie in die graf daarvoor. Ons speel nie kerk nie, ons dien 'n God.

211 Jy's baie senuweeagtig, het 'n . . . het baie in jou gedagte gehad, 'n rowwe lewe, jou verlede, baie bekommernis en probleme. Jy ly ook aan 'n breuk, dit is reg. Nou, glo jy ek is Sy profeet, of, Sy dienskneg? Ja, jy doen dit.

212 En julle dink dit was 'n raaiskoot? Wag 'n oomblik, wag 'n oomblik, sy's in baie goeie kontak met God, hierdie dametjie.

213 Ek weet nie wat ek vir jou gesê het nie, maar wat dit ook al was, was die waarheid. Is dit reg? Nou, as ons net nou by hierdie vrou moet staan, omdat sy met iemand kan praat, 'n baie goeie gees . . . Tog, senuweeagtigheid, dis reg, en 'n senuweetoestand, en Satan pla jou daaroor, sê jy gaan jou verstand verloor en alles, maar jy's . . . hy lieg.

214 Jy het 'n breuk gehad, ek sien dit, wag vir 'n operasie, maar daardie . . . Jy het, ook, spatare in jou bene. Dit is reg. Dan het jy iemand op jou hart, daardie persoon is hier, jou man. Dink jy as God vir my kan sê wat verkeerd is met jou man, sal jy

dit glo? Dis sy rug. Dis reg. Hier's iets anders, ek sien 'n kind verskyn. Jy bid en stel belang in 'n kind, daar's iets verkeerd met daardie kind, dis omdat dit nie baie goed leer nie. Dit is waar. SO SPREEK DIE HERE. Daardie dinge waar? Aanvaar jy dit alles as 'n verlossingskaartjie van God vir jou? Gaan, en dit sal wees net soos jy geglo het. God wees met jou.

Glo julle? Hê geloof, hê geloof.

215 Ek ken jou nie, ons is vreemdelinge vir mekaar. Mevrou? Jy het my al voorheen ontmoet. Jy ken my, ek ken jou nie. Sien, baie mense ken my, kom net in die dienste en verskillende plekke soos daardie, maar ek weet nooit, weet niks van jou af nie. Sien? Glo jy dat ek Sy dienskneg is? Ek glo dit. Jy het 'n breuk, dis wat verkeerd is met jou. Jy's ook nie van hierdie stad nie, maar Alberta, plek genaamd Easton. Dis reg. Glo jy God kan vir my sê wie jy is? Sal dit jou help? Mev. Braun. Nou, gaan en word gesond gemaak. Jy kan kry wat jy gevra het. God seën jou.

Glo julle? Glo julle?

216 Glo jy God kan aan my openbaar wat jou probleem is? Jy's ernstig. Jy staan voor 'n operasie, so het die dokter gesê, nogal 'n sterk man. Dis 'n vroueprobleem. En jy glo nie in operasies nie, dis hoekom jy na my toe gekom het om vir jou te bid. En jy het in jou hart gevoel toe jy gebid het, as jy op hierdie platvorm kon kom, ek my hande op jou lê, sou jy nie die operasie nodig hê nie. As dit jou gebed is, steek jou hand op, Sus. Hoe weet ek wat jy vir God gevra het? Kom hier.

In die Naam van Jesus Christus, mag haar begeerte gegee word. Amen.

Moenie twyfel nie, glo.

217 Nou, jy's 'n vreemdeling vir my. Glo jy dat God vir my kan sê wat jou probleem is? Dink jou skouer sal regkom? Wat het jy aangeraak? Dit sal nou reg wees. Het 'n baie groter vrou hier sien verskyn, jy het gebid. Goed. Jou geloof red jou nou.

Wat het sy aangeraak?

218 Daardie dametjie wat daar sit met 'n swart hoed op wat na my kyk, ja, jy, jou maagprobleem het jou nou verlaat. Gaan, eet jou aandete. Jesus Christus maak jou gesond. Alles nou verby, gaan eet. Het 'n peptiese toestand in jou maag gehad, dis alles verby.

219 Wat van daardie hoofpyne, wat daaragter sit, jong dame? Glo God kan hoofpyne genees en jou gesond maak? Ja. Jy het meer geloof gehad as wat jy gedink het jy het, het jy nie? Jou hoofpyne sal nou stop. Om die waarheid te sê, jy het dit nie nou nie.

Wat het sy aangeraak? Dink net, wat het sy aangeraak? Sy het die Hoëpriester aangeraak.

220 Daardie dame wat ver agter aan die agterkant sit met artritis daar, glo jy dat God jou sal gesond maak, daar agter? Daardie

vrou met ’n bril op, ek ken jou nie, het jou nog nooit in my lewe gesien nie, maar jy sit daaragter en bid. As dit so is, staan op jou voete. God seën jou. Jy sal nooit kreupel word daarvan nie.

221 Ek daag julle uit om Hom te glo. Ken nie hierdie mense nie, ek het hulle nog nooit gesien nie. Maar my Here ken hulle.

222 Die man wat omtrent tweede een agter sit van die punt af daaragter, wat ly aan maagprobleme, glo jy dat God jou sal gesond maak? Aanvaar jy dit? God seën jou. Het jy ’n gebedskaartjie? Het jy ’n gebedskaartjie? Jy het? Jy sal dit nie nodig hê nie.

God kan diabetes genees, kan Hy nie? Goed. Gaan, glo, hê net geloof.

Hy genees senuweeagtigheid, ook, glo jy dit nie? Hou aan loop, sê: “Dank U, Here.” Glo net met jou hele hart.

Kom. Hy genees artritis, glo jy dit? Gaan dan net aan. Ja, meneer.

223 Net ’n oomblik, het iets gebeur. Kom hier. Natuurlik sien ons jy loop op ’n kierie, ek sal dit nie noem nie. Maar jou diabetes en hartprobleme, glo jy dat God dit sal gesond maak? Dink jy Hy sal jou genees? Glo jy dit? God sal jou genees? Bly aanbeweeg, sê: “Dank U, Here.” Gaan aan, word gesond. Sê: “Dank U, Here.”

Glo julle, almal? Hê net geloof, moenie twyfel nie, glo met julle hele hart.

224 Wat van daardie galblaasprobleem, wat daar teen die muur sit? Jy lyk so opreg. Ek ken jou nie, ken ek? Ons is vreemdelinge, vir mekaar. Maar dis wat jou probleem is. Dit is reg, is dit nie? Is ons vreemdelinge, vir mekaar? Steek jou hand op. Was dit jou probleem? Goed, meneer. Jy het daar gesit en bid, wou hê God moet jou aanraak. Jy het Hom aangeraak en Hy het my aangeraak. Nou, Clarence, Mnr. Rouin, jy kan huis toe gaan, gesond wees. God maak jou gesond. Dis jou naam, is dit nie? As dit reg is, steek jou hand op.

225 Ek het hom nog nooit gesien nie. Glo julle? Hoeveel van julle glo met julle hele hart? Wel, dis Christus hier, vriende. Ek wil julle iets wys. My broers hier is manne van God. Hulle het net soveel reg om vir die siekes te bid as wat ek het. Kom hier, broers, kom hier. Plaas net julleself aan elke kant, en maak ’n dubbelry, net hierlangs. Ek wil hê julle moet sien wanneer ek weg is, hoef nie te wag vir my om terug te kom nie. Hier’s manne van God, wat ook vir die siekes bid.

226 Maak nou net ’n dubbelry reg hierlangs, kom reg aan beide kante van my. Wil nie die gemeente laat dink dat net een of ander evangelis moet kom en vir die siekes bid nie. Ek wil julle wys dat God die siekes sal genees deur hierdie manne se gebed.

227 Hoeveel hier het gebedskaartjies? Steek julle hande op. Neem soort van julle nommers. Al die A’s eerste, ry reg hier oorkant.

Nee, wag. Waar het, net, het ons opgehou? Goed, ek. . . Goed, laat—laat. . . voor ons kom by. . . Net 'n oomblik, as julle dit nie doen nie, sal ons heeltemal deurmekaar raak. Laat hierdie mense hier oorkant wat gebedskaartjie A het, in die ry kom. Daardie. . . A en B kom in die ry hier oorkant, hierdie, die seksie hier oorkant, staan reg hier oorkant in 'n ry, A en B. Van daardie gedeelte nou eers. Net 'n oomblik. Kry net die, kry daardie kant daar oorkant. Ons sal hulle elkeen kry. Net 'n oomblik. Net 'n oomblik nou, tot ons elkeen kry, sien. Ons sal—ons sal elkeen kry.

228 Almal aan hierdie kant met A en B, staan agtermekaar. Nou, ons sal hierdie hier moet terugneem na die ander kant toe wanneer ons hulle kry, julle sien. Ons moet een kant op 'n slag kry. Almal met A en B, staan agtermekaar aan hierdie kant. Goed. Nou, sodra hierdie kant deurkom, laat hierdie middelste ry deurkom aan daardie kant, nadat hulle weg is. En sodra hulle weg is, laat hierdie kant deurkom. Elkeen wat sal glo en hier sal deurgaan, met alle geloof in God. . .

229 Is julle bang? "Moenie vrees nie, dit is Ek," het die Here Jesus gesê. Glo julle nie dis Hy nie? Hoeveel glo dis Hy? Nou kyk, as Hy hier is. . . Net omdat Hy my 'n siener gemaak het, Hy het hierdie manne predikers gemaak, sien, hulle het dieselfde Gees wat ek het, dieselfde God, dieselfde Heilige Gees, dieselfde opdrag voor God, om vir die siekes te bid, selfde hande, selfde Gees, hulle is gesalf, kan dit doen, net soos ek. Ons gaan hier saam staan en bid vir elkeen van julle, soos julle deurgaan, ons hande op julle lê. En wanneer jy hier deurgaan, tree jy op asof jy genees is. Jy gaan hier deur en sê: "Dank U, Here." En gaan weer daar uit en kyk hoe jou maagprobleme en al hierdie ander dinge jou verlaat. Glo julle dit?

Laat ons nou saam bid soos ons ons hoofde buig.

230 Here Jesus, U is hier, U het Uself hier bewys, Here, oral oor die gebou, die mense vertel, hulle geroep. En hier staan U diensknegte, Here. En ek wil hê hierdie mense hier moet weet dat U diensknegte, hulle hoef nie te wag vir een of ander spesiale persoon om deur te kom, een of ander spesiale evangelis nie, maar God, hulle kan reguit gaan, hulle pastoor roep, hulle is U diensknegte, en hier is hulle wanneer ek vir hulle roep, soos ware soldate wat reg voor die gemeente gestaan het. Hulle is gelowiges, hulle is gereed, gesalf om hulle hande op die siekes te lê.

231 En God Almagtig, Wat vir Jesus opgewek het, Wat ons Verlosser is, Wat in ons midde staan vanaand, ons salf, Here, salf ons met U Heilige Gees, dat wanneer ons hande op hierdie mense lê, die seëninge van God op hulle mag kom, en mag elkeen van hulle genees word. Skenk dit, Here. Ons begin hulle hierdeur, en bid vir hulle, in die Naam van Jesus Christus.

232 En Satan, ons het 'n woord vir jou: Ons wil vir jou sê dat jy die mense mislei het solank as wat jy kon. Jy het geen wetlike reg om hulle te hou nie. Jesus Christus het elke reg geneem wat jy gehad het toe Hy opgestaan het uit die dood. Hy het oor jou getriomfeer, en jy's niks anders as 'n bluf nie, en Hy is hier vanaand om jou grootpratery te ontbloot, en jou te ontmasker, en jou te sê wie jy is. En jy kan nie langer hierdie gehoor vashou nie. Ons neem hierdie gehoor, hierdie siek mense hier, God se kinders, in die Naam van Jesus Christus, om jou uit hulle uit te dryf, en jy sal hulle moet verlaat. Ons gaan ons hande op hulle lê om die Woord van God te vervul. Wanneer hulle hierdeur gaan, sal hulle harte vol wees van die heerlikheid van God en sal hier weggaan en God prys. Hulle sal genees word, en daar sal 'n herlewing wees.

O God, skenk dit, in die Naam van Jesus Christus, mag dit so wees, deur Jesus Christus ons Here.

233 Nou, soos die gemeente, met julle hoofde gebuig, as julle nie kan bid nie, sing, terwyl iemand die sang lei.

Glo net, net . . .

Nou, elkeen, soos julle deurkom, glo nou soos julle deurkom.

[Broer Branham bid vir die mense, baie van sy woorde is ononderskeibaar—Red.] . . .?. . . [Leë kol op band.]

Ek het Hom lief, ek het Hom lief,
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota's boom.

234 O, hoe lief is ek vir Jesus! Het julle Hom nie lief nie? Is Hy nie wonderlik nie? Moenie . . . O, hierdie is vir my soos die Hemel. Kan jy . . .? O, ek is nie emosioneel nie, nie, ek dink nie, te veel nie. Maar ek voel net 'n baie soet gevoel, net asof die Hemelse Vader sou sê: "Dit was welgedaan."

235 Almal voor gebid? Hoeveel glo julle gaan nou gesond word? Steek jou hand op. Elkeen. Kyk, die Gees van God deur die diens, wat reguit aankom, dis presies wat Hy gesê het. Daar's net een ding om dit daarvan te weerhou, as jy dit net nie glo nie, sal dit nie gebeur nie; as jy dit wel glo, moet dit gebeur, dis alreeds verby. Sien? Dis 'n voltooide werk. O, is Hy nie wonderlik nie? O, ek is net lief vir Hom.

Ek het Hom lief, ek het Hom lief,
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota's . . . (Is sy deur? Wat . . .? . . .)

[Broer Branham neurie *Ek Het Hom Lief*—Red.]

. . . ek het Hom lief,
Omdat . . .
. . . verkoop (. . .?. . .) . . . verlossing
Op . . .

Laat ons net ons hoofde 'n oomblik buig.

236 Hemelse Vader, ek weet daar sit een in die gehoor wat is, Satan gebind het, en hy probeer die vrou vashou. God, gee dat hy haar sal verlaat. 'n Lieflike persoon, waarom sou sy nie vry wees nie? Ek bid dat U dit sal skenk, Vader. Deur Jesus, U Seun, vra ons dit. Amen.

Ek. . . ek lief. . .
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota's. . .

237 Is daar 'n sondaar hier, wat Christus graag wil aanvaar as hulle Verlosser? In die Teenwoordigheid van God nou, net sou staan, sê: "Ek aanvaar Hom as my Verlosser"? Sou daar daardie een hier wees wat teruggeval het, en graag wil terugkom na God, net nou, onder die salwing van die Heilige Gees?

238 God seën jou, seun. God skenk dit vir jou. In die Naam van Jesus Christus, gee ek jou die begeerte van jou hart. Keer nou terug na die Huis van God, roep Sy Naam aan, en lewe getrou aan Hom.

239 Pastoor, ek waardeer beslis hierdie goeie gemeenskap. Hoekom het jy nie gevra nie? Hmm! Dis 'n pastoor, laat sy gemeente deurgaan, en nie vir homself vra nie. Daardie bloed sal stop. Seën jou, Broer.

240 Net sy hand gevang hier en 'n vibrasie gemaak, kan 'n kanker word. Hy sal nou reg wees. Hy het nooit 'n woord vir my daaroor gesê nie, dit nooit genoem nie. Ek het dit net gevang toe hy my hand geneem het.

God seën jou, Pastoor. God seën julle, gemeente.

Weer ontmoet! weer ontmoet!
Weer ontmoet aan Jesus'. . . (God seën elkeen van julle, my broers. God seën julle, broers.)
Weer. . . (God seën jou, Broer. . . ?. . .) Weer ontmoet! (God, in Jesus'. . . ?. . .)
God sy met jou tot ons weer ontmoet!

Soos ek vir julle julle pastoor gee, laat ons ons hoofde buig en dit saggies sing.

Weer ontmoet!

241 Mag die God van die Hemel altyd met julle wees, julle altyd genadig wees. Ek sal vir julle bid. Bid julle vir my tot ons ontmoet. Waar ontmoet?

. . . aan Jesus' voet; (Weer ontmoet!)

242 God seën jou, Pastoor. God seën jou. . . ?. . .

61-0517 Dit Is Ek
Zion Evangelie Tabernakel
Grande Prairie, Alberta Kanada

AFRIKAANS

©2023 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:



VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org